



tuis verf kwass!

Lesers wys hul handewerk

'So het ons gemaak'



OPGEKIKKER
MET KLEUR

Huise, kombuise,
leef- & slaapkamers

ALS NUUT,
MET 'N

kwas!




'n Droom
word waar

'My
trouurok
ge-tjhoko!'

PROJEKTE,
stap vir stap

Stensils • Oordragprente • Tekstuur
Ombree • Patrone... en 'n bietjie blieng!



R130 (BTW inkl.)
Namibië N\$130,00



SPLINTERNUWE “HOW-TO”- YOUTUBE-REEKS NOU UIT!

VERBETER JOU VAARDIGHEDE EN VAT
JOU KREATIWITEIT EEN VLAK HOËR MET
ONS SPLINTERNUWE “HOW-TO”-REEKS,
NOU BESIKBAAR OM GRATIS TE KYK OP
ONS YOUTUBE-KANAAL.

In hierdie spesiale reeks deel ons 'n groot verskeidenheid wenke, stappe en tegnieke wat eenvoudig is om te volg, ongeag jou ervaring met Tjhoko Paint. Tjhoko Paint is 'n veelsydige krytverf wat nommerpas is vir meubels, kamers, kreatiewe projekte en selfs huisdekor. Nie net is die verf omgewingsvriendelik nie, maar ook ideaal vir gebruik deur die hele gesin!

Of jy nou 'n beginner is, of jouself as 'n gesoute verwer sien, daar is inspirasie vir almal in hierdie reeks.

Ons demonstreer hoe om jou oppervlak skoon te maak en voor te berei en deel ook tegnieke soos hoe om te “distress”, Stencil of Paris te gebruik, te stensil, 'n was-tegniek, “dry-brushing” en hoe om met Tjhoko Paint te spuitverf. Ons wys ook hoe om te decoupage, kombuise en muurteëls nuwe lewe te gee, sonder om jou sak te ruk! Kyk saam vir 'n unieke Tjhoko Paint-ervaring!



Teken in op ons YouTube-kanaal.
Soek “Tjhoko Paint” op YouTube of maak gebruik
van die QR kode links.



tuis verf dit

REDAKTEUR Wicus Pretorius • redakteur@tuis.co.za
Posadres Posbus 1802, Kaapstad 8000
Algemene navrae Yumna Tofey
yumna.tofey@media24.com • 021 406 2205

REDAKSIE
Artikelredakteur Beatrice Moore-Nöthnagel
beatrice.noethnagel@media24.com
Kreatiewe redakteur Marian van Wyk
Ontwerpredakteur Andrew Maritz
Kosredakteur Johané Neilson • johane.neilson@tuis.co.za
Tuinredakteur Marié Brody
Selfdoenredakteur Deon de Goede
Teksredakteur Johletta Brits
Digitale redakteur Annette de Wet
Projekbestuurder Suné Esterhuizen
Foto-opknapper René Nortjé

MEDEWERKERS

Shelly Bergh, Hanlie Bonafede, Natalie Boruvka, Elza Cooper, Greg Cox, Nan Day, Chrystal de Witt, Mary Jane Harris, Christoph Hoffmann, Louise Knezovitch, Luba Lesolle, Marlene Malan, Haidee Muller-Isaacs, Francois Oberholster, Marie Opperman, Misi Overturf, Dirk Pieters, Karl Rogers, Juané Scheepers, Izelle Scherman, Myfanwy Shorey, Elna van der Merwe, Amanda van Wyngaardt, Tiana van Zyl, Nadine Vosloo, Jesse Wild, Amy Williams

MEDIA24 LEEFSTYL

VERKOPE & BORGSKAPPE

Hoof: Advertensies Sarah Curtis-Bowles, sarah.curtisbowles@media24.com 021 461 2396
Sleutelklantbestuurder Charlene Meyer, charlene.meyer@media24.com 082 928 5970
Sleutelklantbestuurder Daniela De Giovanni, daniela.digiovanni@media24.com 083 709 7040
Sleutelklantbestuurder Susan Pienaar, spienaar@media24.com 083 281 7300
Geklassifiseerd Evonne Mehl, evonne.mehl@media24.com 021 461 2396

ATELJEE

Skeppende direkteur Michael de Beer, mike.debeer@media24.com
Handelsredakteur Gerda Engelbrecht, gerda.engelbrecht@media24.com
Bemarkingsbestuurder Andile Nkosi, andile.nkosi@media24.com

MEDIA24 DIVERSE INKOMSTE

Bestuurder: Groeiprojekte Lise van Breda, lise.coetsee@media24.com
Bestuurder: Diverse Projekte Edmund Beukes, edmund.beukes@media24.com

PUBLIKASIESPAN

Hoofbestuurder: Media24 Leefstyl Nerisa Coetzee
Hoof van finansies: Media24 Leefstyl Jameelah Conway
Bedryfsbestuurder: Media24 Leefstyl Edwina Lyners

SIRKULASIE

Sirkulasiebestuurder Armand Kasselmann, armand.kasselmann@onthedot.co.za
Produkbestuurder Janine Snyman, janine.snyman@onthedot.co.za

MEDIA24 KORPORATIEF

Uitvoerende hoof: Media24 Ishmet Davidson
Hoofbestuurder: Media24 Leefstyl & Nuus Minette Ferreira

INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE

BEL 087 353 1300 • **FAKS** 086 296 6681 • **E-POS** subs@media24.com
SMS "tuis" na 32361 (R1 per SMS) • **WEB** Zinio.com of Magzter.com

Tuis word uitgegee deur Media24, Heerengracht 40, Kaapstad 8001. Tel. 021 406 2121



Kopiereg Media24. All regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie tydskrif mag sonder die geskrewe toestemming van die redakteur gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopieëring, skryf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting. Die redaksie onderskryf nie noodwendig die standpunte gehuldig in artikels, rubrieke en advertensies nie. Hoewel alle redelike voorsorg getref is om te verseker dat die advies wat in die tydskrif gepubliseer word, akkuraat is, kan die redakteur en die uitgewer geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlies, skade of ongerief wat daaruit mag voortspruit nie. Die redaksie behou die reg om veranderinge te maak aan enige materiaal wat aan die tydskrif gestuur word, en kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade aan of verlies van die materiaal nie. Alle pryse is onderworpe aan verandering en kan verskil van winkel tot winkel; die prys in die winkel moet as die finale bevestigde bedrag beskou word.

LET WEL Weens variasies in die produksieproses is verkleure in die tydskrif nie noodwendig 'n ware weergawe van die betrokke produk nie.



Wicus redakteur@tuis.co.za

voorlangs

4 Vars idees Nog 'n kans...

12 Inspirasie 'n Blou om te onthou

leserhuise

18 Van romanties tot dramaties

26 Trek in en maak reg!

opgeknep

34 Kombuis "Jy's die kampioen!"

38 Kombuis Ligter & helderder

40 Eetkamer Knus in wit

44 Badkamer "Verf maak als reg en mooi"

48 Gastekamer Van stief tot stylvol

52 Slaapkamer Romanse in die blom!

stylstelling

58 Als is beter met kleur

stap vir stap

78 Sjt, luister...

82 Waag 'n slag!

84 Ene elegansie

86 Goudgeel skoonheid

88 Vir sag insluimer

90 Roes in 'n kits

92 Meet en pas

Verlede jaar se *Tjhoko Champs*-wedstryd, aangebied in vennootskap met Tjhoko Paint, het 'n ryk oes van inspirerende krytverfprojekte opgelewer!

Maar die storie van die trourok wat Monica Westermeyer vir haar dogter gekleur het met Tjhoko Paint, roer my hartsnare. Nie net oor die rok vir my so mooi is nie, maar ook die storie agter die rok en hoe dit gebeur het dat dié kreatiewe ma "uit die verfblik" moes dink om haar kind se droomtroue te laat waar word.

Dis mos nou hoe mens 'n plan maak en skouer aan die wiel sit! Gee my enige dag tien sulke stories, eerder as betogings en munisipale verval en Eskom en bla... bla...

Ek lees hoeke nou die dag van "nuusvoosheid" (*news fatigue*); dat jy soms net 'n breek moet vat van te veel slegte nuus en moet plek maak vir goeie nuus en ontvlugting.

So hier is dit nou, ons jaarlikse verfgids propvol mooigoed vir lekker lees én lekker kyk. Met tonne inspirasie en 'n gratis stensil daarby!

En onthou: Hier in die *Tuis*-kantoor kan ons nooit genoeg kry van lesers se skeppende projekte nie. As jy dié winter 'n muur of meubelstuk – of soos ons *Tjhoko Champs* 2022-wenner Karla Weldrick 'n hele kombuis – met verf en kwas bydam, stuur tog 'n foto of twee...



94 Kies groen

96 Raam dit!

100 Voeg net water by

102 Trap fyn, harlekyn

104 'n Skoon begin

106 Patrone met aartappels!

Nog 'n kans...

Verkyk jou aan dié kaste wat nuwe lewe gekry het met 'n leksel verf, mooi stensils en tonne kreatiwiteit.

*Saamgestel deur Johané Neilson
Produksie Mary Jane Harris en Marian van Wyk
Foto's Christoph Hoffmann en Greg Cox*

Binne en buite



Die treffende kas in die voorportaal van Adél Visser se huis op Franschhoek was voorheen 'n klerekas, maar huisves nou hul

sporttoerusting. "Ek het die kas al jare en het dit self versier met 'n laag wit verf en toe donkergrys verf bo-oor, wat die groefies in die deure beklemtoon. Dis afgerond met was om 'n Franse tipe patina te skep," verduidelik sy. "Nou gryp ons ons gholfstokke, tenniskakke of kunsvliegengelstokke sommer op 'n drafstap by die voordeur uit."

Die Vissers het hul voordeur (*oorkant*), wat oorspronklik by 'n brandweerstasie diens gedoen het, op 'n sloopwerf gevind; 'n vriend het dit vir hulle in twee deure verdeel. Adél het dié deure net soos die ou kas geverf – nou heet 'n dubbele dosis grys jou by die voordeur welkom.

"Ek kan nie die presiese naam van die skakering onthou nie, maar ek werk graag met Midas Earthcote omdat ek hul ingesteldheid teenoor die omgewing waardeer," sê Adél. >>



Pure parket



Chantelle de Lange van Centurion het ons beïndruk met haar vernuftige gebruik van roomysstokkies om 'n ou laaikas 'n algehele gedaantewisseling te gee. Dié inskrywing vir ons *Tjhoko Champs* 2022-kompetisie het groot aftrek gekry.

“Ek het die laaikas by my oorlede ouma geërf en hoewel dit oudmodies en nie juis mooi was nie, het dit vir my sentimentele waarde,” verduidelik Chantelle. “Dit het my sowat 'n maand en 'n half geneem om te voltooi; in dié tyd wou ek 'n paar keer tou opgooi! Dit verg hare op jou tande om tussen 350 en 400 roomysstokkies met 'n skêr reg te sny vir 'n visgraatpatroon.”

SÓ HET CHANTELE GEMAAK...

1 Eers het sy die houtpote afgehaal en die ou handvatsels se skroefgate opgevul met houtvuller. Daarna moes die kas eers 'n rukkie staan en droog word voor sy die hout liggies geskuur het.

2 Al die ronde ente van die roomysstokkies moes met 'n skêr haaks gesny word sodat sy dit in 'n visgraatpatroon kon rangskik.

3 Sy het die stokkies met Superglue teen die laaivoorkante geplak, gewag dat dit droog word en toe die rande en enige gleufies met houtvuller opgevul; nadat die gom droog was, het dit nog 'n paar keer se skuur gekos om die voorkante

seepglad te kry. “Moenie houtlym gebruik, soos ek met my eerste probeerslag gedoen het nie,” waarsku Chantelle. “Die ekstra nattigheid van dié lym het die stokkies laat omkrul – ek moes almal afhaal en van voor af begin.”

4 Daarna het Chantelle die kasraamwerk met Tjhoko Paint Matt Black geverf en die laaivoorkante met TimberLife Color-Cote in die kleur Oak gebeits.

5 Ter afronding is die laaivoorkante en die kas se buitekant met Tjhoko Paint Clear Glaze verseël; nuwe goudkleurige pote en swart handvatsels is ook aangesit.



Chantelle het twee eetkamerstoele op dieselfde manier versier. “Ek wou dié ou plaasstyl-stoele net 'n bietjie meer modern laat lyk. Ek is mal oor hulle.”



Tel die laaie



Met 'n kwalifikasie en agtergrond in kuns en ontwerp het die *Tjhoko Champs* 2022-deelnemer Tanya Botbijn van Pretoria eers net meubels geverf as 'n stokperdjie, maar gou het dit in 'n klein tuisbedryf met die naam L'Abeille ontpop. "Ek soek goeie tweedehandse meubels en dekor

uit en skep daarmee artikels wat 'n stelling maak – elkeen enig in sy soort. Ek gebruik graag ekovriendelike verf van 'n goeie gehalte, dekoratiewe tegnieke en spesiale afwerkings," sê Tanya, wat dié dennehoutlaaikas in 'n apploustrekker omskep het. Ons hou veral van die kammalaaivoorkante onder, wat aan 'n ou aptekerskas herinner en voorwaar besondere trefkrag verleen.

SÓ HET TANYA GEMAAK...

1 Eers het sy al die ysterware afgehaal, die laaikas skoongemaak en alle gate en merke met houtvuller herstel. Toe dit droog was, is die hele kas liggies geskuur met 'n elektriese skuurder en 120-grint-skuurpapier.

2 Om die grein op die blad en boonste laaie te beklemtoon, het Tanya dit met haar skuurmasjien en 80-grint-skuurpapier geskuur, waarna sy huishoudelike bleikmiddel met 'n sintetiese kwas oor die hout aangeverf het; daarna het sy dit in die son laat droog word. "Ek het die bleikproses drie keer herhaal voor ek die middel geneutraliseer het deur al die oppervlakke met 'n asyn-en-watmengsel (50:50) af te vee," verduidelik sy. Nadat die laaikas drooggeword het, het sy die hout met baie fyn skuurpapier afgewerk tot syglad. Toe is dit verseël met GripSeal Resilience Velvet wat 'n duursame, UV- en waterbestande deklaag vorm.

3 Daarna is die sye en twee onderste laaie geverf met 'n basislaag in Tjhoko Paint Cloud White, en die middelste twee laaie en rande van die boonste laaie met Tjhoko Paint Sherif's Stone.

4 Die middelste laaie en sye is met Tjhoko Paint Stencil of Paris gestensil om 'n reliëfpatroon te vorm. Toe dit droog

was, het Tanya die verhewe blaarontwerp versigtig met Tjhoko Paint Olivia's Pale, Cloud White en Charm's Silver geverf.

5 Vir die kammalaaie onder het sy vierkante uitgemeet en met maskeerband geplak en die laaie toe met Tjhoko Paint Sherif's Stone geverf. Nadat elke vierkant 'n silwer handgreep gekry het, lyk dit kompleet soos agt klein laaie.

6 Die ander laaie het ook nuwe handvatsels gekry, terwyl 'n laag verdunde Tjhoko Paint Clear Glaze (20 ml water op 100 ml glasuur) ekstra beskerming verleen. >>

Verstelbare lamp en swart toile-kussing van New to You



Tanya het die sye met vertikale strepe en dieselfde stensil as op die middelste laaie versier.

Pleks van die
streeppatroon teen
die kante met 'n
soliede kleur te
omraam, het Cecelia
die drie kleure in
haar ontwerp van
donker aan die
onderkant na lig bo
laat ineenvloei vir
groter trefkrag.





Jacquard Clifton-mat
en Sanna-skinkbord
van Mr Price Home

Verbeeldingsvlug



Vir Cecelia Pretorius van Brakpan in Gauteng, wat ook in 2022 vir die *Tjhoko Champs*-wedstryd ingeskryf het, is verf 'n stokperdjie. Die Sienna-découpage-papier van GRYS/Redesigns, wat sy in 'n projek vir haar seun wou gebruik, het haar laat uitkyk vir 'n ou laaikas. “Toe ek dié wankelrige een kry, was die afmetings perfek, maar dit het 'n nuwe blad en pote gekort,” verduidelik Cecelia. Gewapen met haar gunsteling-Tjhoko Paint-kleure en hope kreatiwiteit het sy aan die werk gespring.

SÓ HET CECELIA GEMAAK...

1 Nadat sy die stukkende pote en blad vervang het, het sy die kas met lakverdunner skoongemaak.

2 Sy het dit toe op sy rugkant laat lê en 'n laag Tjhoko Paint Clear Glaze oor die voorkant aangewend voordat sy die découpage-papier versigtig bo-oor geplaas het. Toe dit droog was, het sy die papier met nog 'n laag Clear Glaze verseël.

3 Cecelia het 'n Stanley-mes geneem en die papier tussen die laaie versigtig deurgesny sodat hulle kon oop- en toemaak. Die papier was effens te klein, maar sy het die ontwerp “gerek” deur Tjhoko Paint en verhewe stensilwerk te gebruik om die wolke in te skakeer en een vliegtuigvlerk te verleng. Stencil of Paris help om die oorgang tussen papier en verf te verdoesel.

4 Aan die kante het sy 'n streepontwerp geskep met maskeerband (50mm en 40mm) en dit toe geverf met Tjhoko Paint Pholoso (basiskleur), saam met Maestro en John's Joy.

5 Nuwe pote van Gelmar en 'n pasgemaakte eikehoutblad van Leroy Merlin voltooi die prentjie.



Blonde skoonheid



Sonette de Beer, die eienaar van Nitali Re-Invented Décor in Mbombela, het hierdie kombuis kas, wat 'n familievriend vir haar ouers gebou het, geërf. Maar die hout was donkerbruin gebeits en die imposante kas het sy sprinkel verloor. Ná 'n ernstige skuursessie wat weer die hout se ligblonde kleur uitgebring het, het Sonette die voorkant nuwe dimensie en woema gegee met Tjhoko Paint Matt Black.

Vir ekstra detail het sy 'n kantontwerp op die laai- en deurrande, asook 'n groot patroon op die werkblad gestensil. “Laasgenoemde herinner aan 'n henna-tatoe of fyn hekelwerk, en elkeen wat daar verbystap, staan eers stil en kyk!” sê Sonette. >>

Mooi van binne



Die onderwyseres en *Tjhoko Champs* 2022-deelnemer Carin de Jager van Florida Park in Gauteng verf naweke vir ontspanning. “Toe ek dié laaikas in ’n tweedehandswinkel sien, het dit net met my gepraat, en ek het dadelik geweet wat ek daarmee moet doen,” vertel sy. “Dit het wel lank geneem om hierdie projek klaar te maak, maar ek is baie in my skik met die resultaat.”

Geknoopte mat en planthouer van Mr Price Home

SÓ HET CARIN GEMAAK...

1 Eers het sy skade aan een van die kantpanele herstel met houtvuller. Toe het sy die hele kas afgeskuur en skoongegee met lakverdunner.

2 Omdat sy die fatsoen van die kas wou beklemtoon en die lieflike houtgrein op die laaie wou laat uitstaan, het Carin die raamwerk en pote met Tjhoko Paint Matt Black geverf.

3 Sy het ’n stensil gebruik om die beskadigde hout op die kantpanele te kamoefleer, en sommer op die koop toe ook die laaikante met stensilontwerpe en Matt Black versier – ’n lekker verrassing wanneer jy ’n laai ooptrek.

4 Tjhoko Paint Clear Glaze en nuwe swart handvatsels sorg vir die finale afronding.



Ware vintage



Die dag toe Melanie Chapsis van Brakpan in Gauteng hierdie vintage-buffet gekoop het, was sy nie seker hoe sy dit wou verf nie.

“Dit het ’n paar maande in my pakkamer gestaan totdat daar nie meer ander projekte vir my oor was nie. Maar toe dit eers ’n neutrale basis met Tjhoko Paint Cloud White gekry het, het die inspirasie begin bruis – die uiteinde was dié treffende meubelstuk!” vertel Melanie, wat die afgelope 18 maande voltyds verf en ’n handelsmerk-ambassadeur vir GRYS/Redesigns is.

SÓ HET MELANIE GEMAAK...

1 Ter voorbereiding het sy die buffet met lakverdunner skoongemaak om enige vinielreste te verwyder, en drie lae Tjhoko Paint Cloud White aangewend. Sy het tussen opeenvolgende lae ’n dag of twee gewag om ’n stewige basis te verseker. “Dit klink miskien buitensporig, maar ek het al geleer dis die beste manier om te keer dat die hout later deur jou harde werk begin sigbaar raak,” waarsku Melanie. Sy het ook twee lae Tjhoko Paint Clear Glaze aangewend.

2 Die deure spog met ’n GRYS Textured Decoupage Paper-ontwerp uit hul Faces-reeks, aangewend met Tjhoko Paint Clear Glaze. Die rande rondom die ontwerpe en die buffet se blad en twee van die laaie is geverf met Tjhoko Paint Matt Black.

3 Sy het die blad afgerond met ’n Stencil Magic-ontwerp en ook die rand geverf met Tjhoko Paint Super Sonette.

4 Die laaie is geverf en gestensil met ’n kombinasie van Tjhoko Paint Matt Black, Cloud White, Super Sonette en Ali’s Gold.

5 Albei kante spog met ’n kunstige vermenging van Ali’s Gold en Super Sonette wat oor Stencil of Paris aangewend is vir ’n lieflike tekstuur-effek. 🏠

Gebosseleerde metaalvaas, swart kershouders en geometriese Berbermat van Mr Price Home; stensils van Stencil Magic; découpage-papier van GRYS/Redesigns



KONTAKTE & VERSKAFFERS Annie Sloan anniesloan.com Gelmar gelmar.co.za GRYS/Redesigns redesigns.co.za L'Abeille facebook.com/LAbeilleFurnitureAndDecor Leroy Merlin leroymerlin.co.za Love Affair Unique Collectables facebook.com/decorloveaffair Melanie Chapsis [facebook.com/Deco-Art by Melanie](http://facebook.com/Deco-Art%20by%20Melanie) Mr Price Home mrphome.com New to You newtoyou.co.za Nicola Stoffberg facebook.com/paintingsbynicola Nitali Re-Invented Décor facebook.com/NitaliReInventedDecor Stencil Magic stencilmagic.co.za Tjhoko Paint tjhokopaint.co.za White Oak Home Improvements & Décor facebook.com/whiteoak0299

'n Blou om te onthou

Toe 'n voornemende bruid nie haar droomrok
kon kry nie, het die moeder van die bruid
uit-die-verfblik begin dink ...

Deur Haidee Muller-Isaacs • Foto's Red Shot Photography/Shannon Kerns en verskaf



Selfdoeners laat selde 'n kans deur hul vingers glip om die kreatiewe sappe te laat vloei, veral met 'n veelsydige krytverf soos Tjhoko Paint. Binne 'n japtrap tjhoko hulle net mooi alles wat ge-tjhoko kan word – van hout en metaal tot glas.

Maar om 'n trourok te tjhoko is mos 'n heel ander storie, sou mens dink. Nie as jou naam Monica Westermeyer is nie!

Dié ma van drie van Vryheid in die noorde van KwaZulu-Natal het sommer self moue opgerol en haar hande vuilgemaak (*sien bl. 16*) toe haar kunssinnige dogter 'n bloutjie loop met die koop van haar trourok.

Kirsten (25) was in die wolke toe sy verlede jaar, 'n maand ná haar verlowing aan Anton Mock, haar droomrok op 'n webtuiste raaksien. Dis net hy daai, het sy gedink toe haar oog die pragrok met sy treffende ombree-effek in blou vang. Dit sou perfek wees vir hul beplande strandtroue op 14 Desember verlede jaar.

Maar skaars 'n maand later, toe Kirsten – wat terapeutiese kuns studeer en haar eie klein besigheid bedryf – die rok wou bestel, kom sy tot haar skok agter die webtuiste se doppie is geklink en sy's haar droom kwyd. Sy kon wel iets soortgelyks in Engeland opspoor, maar die versendingskoste het dit heeltemal bo haar vuurmaakplek gemaak. Kirsten was in sak en as. >>



Dié Pinterest-foto was een van vele wat Kirsten se droom-trourok geïnspireer het.



Anton en Kirsten het ewige trou aan mekaar beloof in Trafalgar naby Margate, en die strand was die perfekte agtergrond vir 'n asemrowende troufoto-sessie.

Ma tot die redding

Intussen het liggies begin flikker in die kreatiewe Monica se kop. “Ag, toemaar,” het sy probeer paai. “Dan koop ons net ’n gewone rok en verf hom sommer self.”

Monica weet waarvan sy praat, want by die huis verf sy graag en sy’t alte goed geweet: Met ’n veelsydige verf soos Tjhoko Paint kon sy maak nes sy smaak. Sy hét immers jare gelede ’n verfkursus voltooi en verf reeds syserpe en ander materiale. “By die verfkursus is ons geleer om dapper te wees, die reëls te breek en altyd nuwe dinge te probeer. Selfs al staan dit nie agterop die verfblik nie.”

Maar toe sy die nuwe rok in haar hande hou, het Monica se senuwees skielik begin knaag. Want dis haar kind se troue! En sy was nie meer so seker of sy die pragtige satynskepping met die mooi tulle-romp sommer net met verf kan bydam – en “voilà!” – nie.

“Ek het gedink ek koop liever twee ekstra stukke voile: een wit en een naaswit soos die rok. Dan kan ek na hartelus daarmee eksperimenteer en as ek dit opmors, koop ek net ander.” En so het sy verlede Julie op ’n koue winterdag die materiaal in haar bad ge-tjhoko.

Die twee stukke voile het verskillende eindresultate gehad. Die naaswit stuk het groener uitgekom. En natuurlik verander die verf die materiaal se tekstuur. ’n Mens moet maar speel.

’n Liefdestaak

Wat beweeg ’n ma tot so ’n super-spesiale gebaar?

Haar Kirsten se lewenspad was vol kronkels, vertel Monica. “My man, Fred, is oorlede toe sy net 16 was. Dis ook hoekom sy nie ’n groot kerkding wou hê nie, want hy was nie hier om langs haar kansel toe te stap nie.”

Kirsten sukkel ook met haar gesondheid. Op twee het sy toevalle begin kry; op sewe is epilepsie by haar gediagnoseer en teen die ouderdom van agt is ’n gewas in haar brein ontdek. Oor die jare heen was sy in en uit die hospitaal, en op 21 moes sy hoor sy ly aan trigeminale neuralgie – neuropatiese episodes van intense pyn in die gesig, wat deur die trigeminale senuwee veroorsaak word.


Maar toe kruis haar paaie in 2019 op Tinder met dié van Anton, ’n bouer. “Ek het net geweet: Hy is die een – gaaf, ’n regte omgee-mens. My siekte het hom glad nie afgeskrik nie, hy het my nog altyd 100 persent ondersteun,” vertel Kirsten.

Op 14 Desember 2022 het sy in haar pragskepping oor die spierwit sand aangesweef gekom op die strand by Trafalgar, net anderkant Margate, waar hulle woon.

En met oorlede pa Fred se grys das om haar ruiker vasgebind was die uitrusting perfek. Hul strandtroue was presies waarvan die paartjie gedroom het – klein, intiem en omring deur net hul naastes.

**Dit was perfek, anders en uniek,
en ek was mal oor my rok.**

– Kirsten



“Ek is maar ’n kansvatter en meet nie juis presiese hoeveelhede af nie,” vertel Monica, hier tussen Sindy-Leigh (links) en Kirsten (regs).



Drome van geluk

Dit was hul eie feëverhaal, sê Monica. “Dis wat Kirsten wou hê en dis wat sy gekry het. Ek het hul pa belowe dat ek altyd mooi na hulle sal omsien. Hy het altyd gesê hulle moet voluit leef!

“Daar was groot besware toe ons Kirsten ruitersport laat beoefen het, maar op die ou end het sy uitgeblink daarin. Haar broer, Carl, wat ons familie-besigheid saam met my bestuur, sou Fred so trots gemaak het. Sus Sindy-Leigh studeer vroeëkinders-ontwikkeling op Stellenbosch en trou ook volgende jaar. Met Kirsten wat as kind altyd siek was, het ek al drie tuis onderrig.”

Want die Westermeyers het nog altyd hul eie koppe en harte

gevolg, verduidelik Monica. En ja, sy het na dese ook meer met haar nuwe Tjhoko-truuks begin eksperimenteer. “Ek het gehoor van ’n man in Ballito wat sukkel om hemde na sy smaak in sy grootte te kry. Toe het ek ’n paar wit skoolhemde vir hom gekleur met verdunde Tjhoko Paint. Hy was vreeslik in sy noppies.”

Haar drome vir haar kroos is eenvoudig: net geluk. “Om gelukkig te wees soos ek en hul pa was. Ons kinders het hul eie drome; ons as ouers moet hulle toelaat om dit uit te leef.” Maar sou sy dit waag om vir iemand anders ook ’n trourok te tjhoko? Sy dink eers mooi en lag dan hartlik. “Dalk as dit ’n baie spesiale geval is!” >>



Wat jy nodig het

INKOPIELYS

- Tjhoko Paint in die kleure Dani's Dare, Comfort Blue, Jane's Jade, Lourain's Cream en 'n tikkie Matt Black
- materiaal soos nodig

GEREEDSKAP

- tou
- menghouers
- spuitnaald
- verfkwas
- swart plastieksak



Dani's
Dare



Comfort
Blue



Jane's
Jade



Lourain's
Cream



Matt
Black

Só het Monica gemaak ...



1 Monica het elke kleur in 'n houer verdun ($\frac{1}{3}$ verf tot $\frac{2}{3}$ warm water), die stukke voile met tou geknoop en natgemaak. Toe het sy die verdunde verf in 'n spuitnaald opgetrek en kleur vir kleur (donker kleure onder en al hoe ligter na bo) oor die voile gespuut. **2** Sy het die lap 20 minute in die bad laat lê om die kleur te absorbeer, en toe aan die wasgoedlyn gehang met die ligste kleur bo. **Wenk** Knyp die

materiaal net aan die bo-rand vas, sodat die wasgoedpennetjies nie opsigtelike merke laat wanneer die lap droog is nie. "Die kleure het mooi ineengevloei terwyl die verf nog nat was, net soos met 'tie die'." **3** Sy het die bostuk wit gehou en die onderste deel van die ritssluiters met die droëkwastegniek dieselfde kleur as die voile gevef. "Ek moes hier baie versigtig werk om nie verf op die wit bostuk te mors nie."



4 Monica het die rok se onderkant in lae aangepak: Sy het die wit onderlaag van die satynrok gehou nes dit oorspronklik was. Toe het sy 'n stuk van die gekleurde voile met die hand aan die bostuk vasgewerk sodat dit bo-oor die wit onderkant hang. **5** Die volgende laag was wit tulle wat deel was van die oorspronklike rok – sy het dit

net so gelos. **6** As finale stap het sy die boonste laag tulle wat deel was van die oorspronklike rok ekstra kleur gegee. "Ek het 'n swart sak onder daardie stuk geplaas, my hand in die verf gedoopt en dit bo-oor die materiaal getrek in afwaartse bewegings. Sommige dele het ek wit gelos, sodat die boonste laag darem nog 'n stukkies wit wys."

KONTAK EN VERSKAFFER Red Shot Photography [instagram.com/red_shot_photography/](https://www.instagram.com/red_shot_photography/), shannonredshot@gmail.com Tjhoko Paint tjhokopaint.co.za

PROMOSIE

Eksklusief! LIEFLIKE TAFELDOEKE

– deur die *Tuis-span* ontwerp vir jou.

Ons gewilde reeks tafeldoekke spog met vier vars, nuwe ontwerpe, elkeen te mooi vir woorde! Ons het die oorspronklike Blue Plumbago- en Protea-ontwerp herdruk, maar jy kan nou ook kies uit Blooms on Linen, Summer Vibes, Flowering Quince en Peone.

Met so 'n doek op jou tafel kort jy net eenvoudige breekgoed, heerlike kos en goeie geselskap, en siedaar, dis 'n fees! Die tafeldoekke, gemaak van poliëster met 'n linnevoorkoms, is kleurvas, was maklik en hoef nie gestryk te word nie – perfek vir onthaal sonder moeite.

Hierdie reghoekige tafeldoek is 3 m lank en 140 cm breed, wat groot genoeg is om 'n agtsitplektafel te bedek.

Net
R1 250
Aflowering
ingesluit*



Summer Vibes



Flowering Quince



Peone

Blooms on Linen

Herdruk weens die groot aanvraag!



Blue Plumbago



Protea

Bestel aanlyn by

www.media24boxit.com

*Aflowering teen dié prys is slegs van toepassing op hoofsentra in Suid-Afrika. Afgeleë gebiede is effe duurder en sal individueel bereken word.

WIE WOON HIER?

KP en Petro
Steenkamp en hul
kinders, Lente-Edem
(16) en KP jr. (20)

WAAR Middelburg,
Mpumalanga

Van romanties tot dramaties

Deur Beatrice Moore-Nöthnagel • *Foto's* Christoph Hoffmann
Produksie Amanda van Wyngaardt

Verfkleur
Plascon
Golden Harvest

2016



Ons is dol oor die
gedaantewisseling
van dié moderne
“plaashuis”.

Verfkleur
Plascon
Tribeca Corner

By Petro en KP se huis net buite Middelburg heet 'n goudgeel voordeur gaste welkom. Van die vorige donkergrys dubbeldeure is daar geen teken meer nie; trouens, dié huis lyk heeltemal anders as toe ons dit in April 2016 in *Tuis* gewys het. Dis sprekend van Petro se uitkyk op die lewe – altyd aan die verander en vernuwe.

“Ek is mal oor kleur,” vertel sy. “Geel bring 'n speelse kinkel wat my opkikker, maar ek hou ook van swart, groen en blou. Swart bring vir my 'n effe dramatiese, dog stiller gevoel. Groen beteken vir my persoonlike groei, terwyl blou weer rus en kalmte skep.”

Elemente van al vier kleure is oral in dié bedrywige huis te sien. >>



Die Steenkamps se leefvertrek was op ons Mei/Junie 2023-voorblad. Lees die uitgawe op netwerk24.com.



Die vorige losstaande smeulstofie wat uit die plaashuis kom, het nooit tot sy reg gekom in die oopplan-leefvertrek nie en is onlangs met 'n groot, meer doeltreffende kaggel vervang.



Verfkleur
Plascon
Hunter's Prairie

Die aanvanklike afgevlakte sementvloer is met luukse vinielplanke bedek aangesien dit duursamer, warm onder die voete en eenvoudig is om te onderhou. “Die sementlaag het glad nie vir ons gewerk nie, want dit het maklik getjip, gekraak en merke gemaak, én die seëlaar het afgekom,” sê Petro. “Ek sal enige dag vinielvloere aanbeveel; dit is regtig lieflik.”

Dapper dog elegant

Die styl van die vorige leefvertrek was “neo-romanties” met sagte gryse, ligte vloere en gedempte materiale en matte. Sewe jaar later spog die sitkamer met ’n splinternuwe baadjie – dapper dog elegant. “Dis nie net my dekorsmaak wat verander het nie, alles aan my het verander soos ek deur die herstelproses gewerk het ná ons huis op die plaas afgebrand het,” vertel Petro.

“Ek het nie ’n spesifieke smaak nie en wil nóóit in ’n boks funksioneer nie, daarom kan ek my nie koppel aan ’n bepaalde styl nie. Óf ek hou van iets, óf ek hou nie daarvan nie. Gewoonlik doen ek goed wat ander mense juis nié sal doen of aan sal dink nie,” verduidelik Petro laggend. “As ek dit iets móét noem, sal ek sê my nuwe styl is eklekties.”

Bo die kaggel het die vorige dekoratiewe silwer spieël plek gemaak vir ’n oorgroot afdruk op lap; dit hang oor ’n swart pyp en herhaal die swart tinte in die vertrek.

Nuwe meubels in verskeie teksture en haar gunstelingkleure skep ’n weelderige dog knus voorkoms. Die groen Art Deco-stel kom van ’n antiekwinkel en is lekker groot en gemaklik. Die blou bank, wat al meer as 65 jaar in Petro se familie is, pronk in fluweel met ’n speelse geel omboorsel. ’n Geel mat met ’n verweerde voorkoms het die vorige roomkleurige mat vervang en help om ’n “sone” vir die sitgedeelte te skep. Ook die koffietafel spog met ’n nuwe baadjie nadat dit met Annie Sloan-krytverf in die kleur Graphite geverf is.



Die braaikaggel en pizzaoond is 'n wenner, veral onder die kinders, vertel Petro. Die vertrek is ryk aan tekstuur, afgewerk met eenvoudige sement, rou bakstene en hout. Op die vloer is dieselfde swart-wit teëls as in die atrium (*links onder*), waar dit 'n villa- of tuingevoel oordra.

Beelde van
Mat-Décor



'n Groot aanwins

Wat voorheen 'n oop stoep was, is nou 'n volwaardige leefvertrek langs die ander binne, met 'n braaikaggel en pizzaoond. En waar voorheen 'n groentetuin buite was, is nou 'n lieflike verlengstuk van die atrium, wat as eetkamer dien. Hierdeur het die gesin hul leefruimtes en kuiervertrekke aansienlik uitgebrei om plek te maak vir vriende en familie, wat veral nuttig is noudat die kinders groter is.

In die atrium nooi groot staalraamvensters die natuur in, aangevul deur huisplante en tekstuurryke materiale soos ontblote stene, rou hout en terracotta-potte. Danksy 'n splintervaste dubbelglas-dakstruktuur stroom die lig by dié kuiervertrek in. "In die somer hou die Bostonse klimop buite die ruimte koel en wanneer hy sy blare in die winter verloor, baai die vertrek in die son," sê Petro. >>

Koebaai grys, hello groen en swart!

Die kombuis lyk vandag dramaties anders as destyds, danksy 'n paar lae verf. "Ons het bloot dieselfde donker kleure verf as op die res van ons huis se mure gebruik om die kaste mee te verf," vertel Petro. "Ons het 'eggshell matt' in die Plascon-kleure Phantom Ship en Tribeca Corner gebruik. Ons is mal oor ons pretensielose, onopgesmukke kombuis!"

Die baksteenmuur tussen die kombuis en oopplan-leefvertrek, met 'n ysterkopstuk as skeiding, is intussen hoër gebou om die nuwe kuier-den wat in die dubbelvolume-ruimte bo die kombuis vir die tieners ingerig is, te stut.

'n Embuiaklerekas het sy weg na die kombuis gevind en het 'n groen baadjie in krytverf gekry. "My tuinman moes help met die rakke se insit," vertel Petro, wat graag self haar meubels skuur en verf. "Dis baie bevredigend, en dan waardeer mens dit net meer."

Sy vertel hul vriende en familie wou al dikwels die horriepiep kry as hulle sien wat alles geverf is. "Dan sê ek altyd vir hulle: 'Pasop, as jy lank genoeg stilstaan, verf ek vir jôu ook! My man, KP, het al oor die jare besef dat hy my eerder moet los sodat ek my 'vlerkies' in die huis kan spreid; hy geniet wel die eindresultaat.'" >>



Verfkleur
Plascon
Tribeca Corner

Die kombuiskaste se kleur wissel tussen amper swart en groen, afhangende van hoe die lig daarop val. Hou dit in gedagte as jy verfkleure kies vir jou eie huis.



Verfkleur
Plascon
Tribeca Corner



2016



Rus en vrede

Van die voorheen wit-en-grys hoofslaapkamer en en suite is daar nie veel oor nie. “Ons is gek oor Vincent van Gogh se werke, en die plakpapier in die badkamer herinner aan sy skilderye,” vertel Petro. “Die oorgroot linnekussing op ons bed is spesiaal vir my omdat dit ’n boer met skape uitbeeld – want KP is ’n boer!

Die ou bedkassies spog met ’n nuwe laag Plascon Tribeca Corner.

“Hierdie kleurskema pas goed by my en KP.”




Verfkleur
Plascon
Paris Paving

Die gastekamer



Verfkleur
Plascon
Samovar

In Lente-Edeni se slaapkamer (*links*) wou hulle die gevoel van ’n boho-tienerkamer skep. “Maar dit moes tydloos wees,” verduidelik Petro. “Sy’s ’n besige bytjie en ons het probeer om die kamer ’n rustiger atmosfeer te gee.”



Verfkleur

Plascon Samovar

Verfkleur

Plascon
Tribeca Corner

[PETRO SE KLEURWENKE]

- Moenie bang wees om iets swart te verf nie. Dit gee diepte aan 'n vertrek en bring alles bymekaar."
- Kies kleure waarvan jy hou en nie noodwendig nou in die mode is nie. Dis julle huis en julle bly daarin, nie ander mense nie.
- Moenie te veel "tester pots" koop nie – dit gaan jou mal maak en kos 'n onnodige klomp geld.
- As jy opknep, moenie 'n kermkous wees nie, selfs al bly jy in die huis tydens die werkery. Onthou, dis 'n voorreg om jou huis te kan verbeter.
- Moenie elke vertrek 'n ander kleur verf nie – kies 'n paar basiese kleure en trek dit reg deur die huis. 🏠

VERSKAFFERS

Mat-Décor facebook.com/matdecor

Plascon plascon.co.za Silkhouse silkhouse.co.za



Plakpapier van Silkhouse

Trek in en maak reg!

Deur Elna van der Merwe • Foto's Greg Cox
Produksie Marian van Wyk

Verfkleur
Plascon
Dark Onyx

Verfkleur
Plascon
Thames Dusk

Dié jong gesin het 'n karaktervolle huis vir hul eie leefwyse aangepas sonder om afbreuk te doen aan sy skoonheid.

WIE WOON HIER?

Agne en Justin Smith en hul kinders Maya (10) en Matt (13)

WAAR Richmond Hill, Gqeberha

GROOTTE 144m²

HOOFSLAAPKAMER

Agne het die ruimte donkergrys geverf, met spatsels groen om dit op te helder. Die paartjie het ou kabinette, wat Justin se werkgewers uitgegooi het, herstel en nuwe nut gegee as klerekaste en 'n nuwe bedkopstuk; laasgenoemde is met Italiaanse fluweel oorgetrek. Die ou spieël – 'n erfstuk – se raam is geverf; so ook die ou trollie wat as bedkassie dien.

Groen fluweel van Fabric Box; kashandvatsels van Gelmar



Agne Smith noem die eiendom wat sy en haar man, Justin, in 2016 gekoop het 'n "projekhuis". "Die kombuis was oud, die badkamer was oud ... Daar was en is nog steeds baie om te doen, want die huis is nooit voorheen vernuwe nie. Dis 'n projek sonder einde."

Waarop hulle destyds verlief geraak het, is die Victoriaanse argitektuur en die hoë plafonne. "Ons idee was nie om die hele huis te verander nie, maar om sy Victoriaanse skoonheid na vore te bring," verduidelik Agne. "Ons wou dit moderniseer en leefbaar vir ons gesin maak sonder om afbreuk te doen aan sy karakter."

Die eerste ses maande het die Smiths in die huis gewoon sonder om enigiets te verander. In dié tyd het hulle van vertrek tot vertrek geskuif sodat hulle kon agterkom wat die beste vir hulle sou werk. "Weens 'n beperkte begroting – én omdat ons daarvan hou om dinge self te doen – het ons die meeste van die werk met ons eie hande aangepak. Net die herstel van die vloer, en die stort se teëlwerk het ons aan kenners oorgelaat."

So het hulle bedags werk toe gegaan en ná ure aan hul huis gewerk. "Dit klink verskriklik, maar ons het oorleef deur ons oë op die eindresultaat te hou." >>

SEUNSLAAPKAMER

Matt wou 'n donker kamer met 'n "koel" voorkoms hê soos in die rekenaarspeletjie **Minecraft**. Maar omdat Agne geweet het hy sou gou moeg raak vir die speletjie se kenmerkende groen kleur, het sy dié byna swart skakering self gemeng met houtskaal en wit verf.

Metaalrak van Decofurn;
swart tafeltjie van Smitties

Stuk vir stuk

Die Smiths het die projek vertrek vir vertrek aangepak. “Ons het begin deur die muur tussen die kombuis en die leefvertrek uit te slaan om ’n mooi oop ruimte te skep. En toe, in die middel van die kombuisopknep, bars die geiser en beskadig die plafon,” vertel Agne. “Dit was vir ons baie stresvol, maar die geluk is dat die versekering uitbetaal het vir ’n nuwe plafon.”

Sy noem Justin, wat die bedryfsbestuurder by ’n plaaslike gholfklub is, die “tool guy”. “Hy kan enigiets regmaak, terwyl ek die meubelopspoorder en -hersteller is. Ons is gedurig besig met klein veranderings en vervang ou meubels met nuwe vondste.

LEEFVERTREK

Nadat die Smiths ses maande in die huis gewoon het, het die gebrek aan vloei tussen die kombuis en klein leefvertrek hulle gepla; boonop het laasgenoemde baie min natuurlike lig gekry. Die muur tussen die twee vertrekke moes eenvoudig uit! “Justin het die kappery gedoen en ek het die bakstene buitentoe gedra. Ons het minstens ’n week lank in die stof gewoon.” Prentlyste is afgehaal om die ruimte eenvormig te maak en voorheen growwe mure is glad gepleister en wit geverf. Die paartjie het die banke al meer as tien jaar en het die kunswerke onder meer tydens hul reise oor baie jare aangeskaf.

“Die beste van ons huis is dat dit groot genoeg is vir ons en die kinders – elkeen het ’n plekkie waar hulle hul eie ding kan doen – maar ook klein genoeg om maklik na om te sien.”

Omtrent al wat hulle anders sou doen, is om meer kragpunte in die kinders se kamers te installeer. Want noudat hulle ouer is, het hulle allerhande toestelle wat gelaai moet bly.

En, ja, die gesin sal graag weer so ’n projek aanpak. “Ons sal waarskynlik altyd wil verander en opknep, waar ons ook al woon. Dis vir ons belangrik om ’n huis ons s’n te maak,” verduidelik sy. “Jou huis is wie jy is, waar jy op jou gelukkigste is.” >>

Verfkleur
Plascon Double
Velvet White


Swart spieël van
Mr Price Home;
kussings van
Woolworths;
laaikas van
@home



Drie stelle muurkaste is omgebou tot 'n uitstalkabinet vir breekware; dit het wiele onder sodat dit maklik geskuif kan word indien nodig.

Verfkleur

Plascon Double Velvet White



Voor



Verfkleur

Plascon Wacky Khaki

Verfkleur

Plascon School Board



KOMBUIS

Dié foto is geneem uit die leefvertrek, waar die skeidsmuur voorheen was. Agne gebruik 'n ou X-straallamp as lig bo die toonbank – 'n ou winkelkas wat sy ná 'n lang soektog opgespoor het. Met 'n nuwe kwartsblad bo-op dien dit nou as 'n gerieflike werkoppervlak, met baie bêreplek daaronder.

Winkelkas van Smitties; kwartsblad van Chique Marble & Granite



Horlosie van Mr Price Home;
muurbord van Carrol Boyes

Pleks van muurkabinette bo die winkelkas het Agne en Justin besluit op twee sweefrakke. "Dit keer dat ons opgaar en dwing ons om net die noodsaaklike aan te hou." Dié reël geld ook vir die oop rakke langs die yskas (*middel bo*).



Agne sê Dusty, die West Highland-terriër, pas netjies in by hul swart-wit kleurskema



Verfkleur
Dulux
Teal Trip

Omdat die portaal so smal is, is dit eenvoudig gehou met wit verf. Justin het die kapstok uit stukke dryfhout gemaak. Die outydse telefoontafeltjie is vir sleutels en skoene; Agne het dit tweedehands gekoop en herstoffeer. Ronde muurhaak van Superbalist

Verfkleur
Plascon
Chopped Nuts



Ikea-laaie van Facebook
Marketplace; spieël van
Mr Price Home; blinding
van Gumtree

DOGTERSKAMER

Warm perskepienk mure laat Maya se kamer saans lekker knus lyk. Agne wou plakpapier teen een van die mure sit, maar omdat dit te duur was, het sy die bepaalde muur wit geverf en toe met pienk oorskietverf somer vryhand patrone om die venster geverf. Agne en Justin het die ou skoolstoel oorgetrek met swart-en-wit materiaal. >>



Loodgieterswerk deur Billy Browne Plumbers; verf van City Paint & Tool; wasbakkraan van Gelmar; wasbak van Gumtree; spieël van Mr Price Home; stortvloer se teëls van The House of Tiles

Verfkleur
Plascon Velvaglo
White

[RAAD]
Die Smiths het dié wenke vir ander paartjies wat op ’n begroting wil opknop:

- Moenie dadelik begin met veranderings nie. Woon eers minstens ses maande in die huis om te sien watter veranderings die beste vloei sal verseker.
- Doen deeglike navorsing en versamel idees sodat jy kan agterkom wat jy wil hê.
- Wees aanpasbaar, want daar gaan uitdagings wees wat jou kan dwing om nuut te dink en met ’n beter plan vorendag te kom.
- Kry minstens drie kwotasies vir produkte en dienste; party verskaffers vra drie keer meer as ander vir dieselfde ding.
- Moenie jou idee sommer laat vaar as ’n item duurder is as wat jy daarvoor begroot het nie. Jy sal ’n oplossing kry as jy dit regtig wil hê.
- Besluit waar om te bespaar en waar om jou sak te skud. Daardie groot uitgawe wat jy so begeer maak dalk nou seer, maar dit sal jou jare lank genot gee.

Totaal: R77 320	
Teëls en voegbry	700
Badkamerwasbak en toebehore	1 200
Sement	600
Stortglas	2 500
Wasbaktafel en wiele	460
Spieël	300
Verf en onderlaag (hele huis)	4 000
Kwartsblad en installasie	4 500
Outydse laaie vir die kombuistoonbank	2 500
Ligtoebehore	2 700
Vloerrestourasie	15 000
Teëlwerk	700
Elektrisiën	1 500
Loodgieter	1 500
Slaapkamerkas	18 700
Allerlei	20 460

BADKAMER

Weens watertekorte in Gqeberha het die Smiths die bad uitgehaal en ’n ruim stort (bo) ingesit. “Ons het self die bad en wasbak uitgehaal. Ons wou skoon lyne hê en ’n swart-wit tema wat aansluit by die leefarea. Pleks van die terracottakleurige teëls teen die mure te verwyder, het ons ’n kans gewaag en dit met Plascon Velvaglo-olieverf bygedam. Dit was gelukkig ’n sukses. Ons het ’n teëlaar gekry vir die stortvloer, ’n vakman het die stortskerm geïnstalleer en ’n loodgieter die wasbak.”



VERSKAFFERS & KONTAKTE @home home.co.za Billy Browne Plumbers 074 802 3731 Carrol Boyes carrolboyes.com Chique Marble & Granite 041 484 2207 City Paint & Tool 041 484 7666 Decofurn decofurn.co.za Dulux dulux.co.za Fabric Box 041 581 0035 Gelmar gelmar.co.za Gumtree gumtree.co.za Mr Price Home mrphome.com Plascon plascon.co.za Smitties 041 367 1659 Solid Goods 082 804 0111 Superbalist superbalist.com The House of Tiles houseoftiles.co.za Woolworths woolworths.co.za

As jy nie wil verf nie, wat van treffende plakpapier?



'N SPATSEL KLEUR

Dié vrolike Eijffinger-papier van Dreamweaver Studios skep speelse kontras in 'n gaste-badkamer met die wasbakblad geverf in Dulux Signal Red.



GEOMETRIESE IMPAK

Cole & Son-plakpapier (Apex Grand in Teal) van St Leger & Viney maak 'n treffende fokusmuur agter die trap in die Tuis-medewerker Amanda van Wyngaardt se meenthuis in Randburg.



FOTO'S

Foto's hoort nie net in albums, op Instagram of in lêers op jou foon nie. Hierdie toneel uit Central Park in New York maak 'n sielvolle fokusmuur in 'n slaapkamer deur Dear Zania Interiors. Laat druk jou eie by 'n betroubare verskaffer soos Smart Art of Orms Print Room & Framing.



BLOMMEPRAG

Blomme en botaniese ontwerpe bly gewild – dié plakpapier is 'n afdruk van 'n Eelke Jelles Eelkema-skildery, gedruk deur Groen Bespoke Wallpaper. 🏠




‘Jy’s die kampioen!’

Harde werk oor baie maande het aan dié deelnemer van verlede jaar se *Tjhoko Champs*-kompetisie die titel van haar drome besorg.

Deur Haidee Muller-Isaacs • Foto’s Karl Rogers • Stilering Marian van Wyk

Verfkleur

Tjhoko Paint
Gracious



Karla Weldrick

WIE WOON HIER? Karla en
Brian Weldrick
WAAR Thornhill, Oos-Kaap

Karla het nuwe blaaië van soliede hout gekies, wat Custom WoodWorx gemaak en geïnstalleer het. “Ons het ’n nuwe opwasbak en kraan ook laat insit.” Die hangligte bo die eiland kom uit die skuur, waar dit glo al meer as 25 jaar lank gelê het. Sy het hulle afgeskuur en ’n nuwe baadjie gegee met Tjhoko Paint Matt Black.





Brian het die eiland (*links*) ontwerp en laat maak by Custom WoodWorx. Karla het die blad versier met die Tjhoko Paint-stensil 148 1.3*90-1 en die kleur Matt Black. Die blad is verseël met Aquaseal.



Die kasdeurtjies is geverf met Tjhoko Paint se Gracious-kleur, en die kante en die raamwerk binne met Lourain's Cream.

Toe sy 'n paar jaar gelede by 'n Tjhoko Paint-groepie aansluit, het die Oos-Kaapse boervrou Karla Weldrick heimlik daarvan gedroom om eendag met die titel "Tjhoko Champ" weg te stap. Net die gedagte aan die kroon was die wind in haar seile toe sy haar kombuisprojek inskryf vir die kompetisie, aangebied deur Tjhoko Paint en *Tuis*, wat jaar na jaar krytverfentoesiaste se verbeelding aangryp. Sy móés net.

Tog was niemand meer verbaas as Karla toe "Mama Tjhoko", die krytverfghoeroe Nadine Vosloo, haar bel met die opwindende nuus dat sy 2022 se wenner is nie.

"Ek was verstom en het eers gedog ek droom. En toe bars ek sommer in tranes uit. Ek moes eers weer vir Nadine vra of ek nou reg gehoor het," vertel 'n opgewonde Karla uit Thornhill, waar sy en haar man, Brian, boer.

Nou kán sy immers met trots die gesogte titel agter haar naam skryf. En benewens die R10 000-kontantprys wat sy in haar sak steek, word Karla en Brian bederf met twee nagte se gratis verblyf in St. Francisbaai in die Oos-Kaap. Boonop word die self-erkende Tjhokolis se verftechnieke ook sommer opgeskerp met 'n persoonlike meesterklas by Nadine. Glad nie te versmaai nie!

"Daar was soveel ander pragtige projekte," vertel Karla. "Maar Brian het heeltid gesê hy dink ek gaan wen. Wat 'n absoluut onbeskryflike gevoel toe ek hoor: die algehele wenner van *Tjhoko Champs 2022*!"

Eintlik was die hele projek 'n spanpoging wat oor twaalf maande tog te mooi bymekaar gekom het. "Ek het al die idees gehad vir die verfkwas, maar Brian moes feitlik al die harde werk doen – kassies afhaal en terughang, handvatsels vervang, skroewe uit- en indraai, saag en selfs laaie uitmekaar haal."

Sy vertel 'n mens moet jouself maar besig hou in die klein boeregemeenskap waar die Weldricks en hul drie hondekinders al jare lank woon. Dis sowat 50 km van Gqeberha, maar Jeffreysbaai is darem net 32 km weg. "Hier is net twee petrolpompe, 'n winkeltjie met die poskantoor sommer in die ysterware-afdeling, en 'n hotel van sowat 150 jaar oud. En dis dít."

Die Weldricks boer kommersieel met groente en 'n paar vleisbeeste en Brian bedryf ook sy eie besigheid in die Baai. Die naam van hul plaas, Volhou, is heel gepas – Karla is immers iemand wat volhou en aanhou tot die bitter einde. "Aanhouer wen mos," skerts sy. Inderdaad ... >>

Tyd vir 'n 'facelift'

Karla se regrukprojek het vlamgevat nadat haar stoof kort na Kersfees 2021 die gees gegee het. Vir iemand soos sy wat graag kook en bak, was dit 'n reusekopseer. "Jy moet weet: ek kook selfs my eie konfyte. Sommer alles wat gebottel kan raak, maak ek self in."

Toe kom Brian op 'n dag by die huis aan met 'n splinternuwe Smeg-stoof.

"Ek was vreeslik in my noppies. Maar toe pas die stoof nie so lekker in by my dertig jaar oue gelerige melamenkassies met die eikehout-handvatsels nie. En ek besluit daar en dan: Dis nou of nooit, die hele kombuis kort 'n *facelift*."

Dit het nie veel oortuiging gekos om Brian aan haar kant te kry nie. "Hy't net gesê 'doen wat jou ook al gelukkig maak'. En toe dog ek wel, plante, natuur, kalmte – dis wat my gelukkig maak. En so het ek besluit op 'n groen kombuis."

Haar moed het haar amper begewe toe die groen verfkwas die kaste tref. "Maar hoe meer ek geverf het, hoe mooier het dit vir my gelyk."

Die regruk het wel langer geneem as wat Karla aanvanklik verwag het – omtrent 'n hele jaar se superharde werk, aan en af. Maar, meen sy, 'n droomkombuis vat sy tyd. "Want toe die kassies klaar is, het die vloerteëls nie daarby gepas nie. Ook nie die ou blindings nie. Ons het stelselmatig omtrent alles verander. En wat nie opgeknop kon word nie, is nuut geïnstalleer."


Op die ou end het sy gekry wat sy nog altyd wou hê: 'n kombuis wat die hartklop van die huis is, met 'n skoon en vars plaasgevoel maar tog ook modern en anders, sê Karla. "Niemand wil in vandag se dae te veel geld blaas nie, daarom moes ek ook maar die sente omdraai. Met 'n verf soos Tjhoko was dit natuurlik nie te moeilik nie."

En die prysgeld? Dié wag rustig in haar spaarrekening totdat sy reg is vir haar volgende projek. "Intussen het mense my op Facebook genader en het ek al my heel eerste verfjoppie gehad op Jeffreysbaai. En natuurlik gryp ek sulke geleenthede met albei hande aan. Daarvoor kan ek net Tjhoko Paint – en *Tuis!* – bedank."

Verandering –
dís my passie! *Goeie*
veranderinge wat
blywende indrukke laat.
– Nadine Vosloo



Stensil 2021-45x45-4



VIR DAAI PLAASGEVOEL...

Karla het die kassie afgeskuur en goed afgevee met lakverdunner om van oliereeste ontslae te raak. Sy wou die kassie ekstra karakter gee, daarom het sy plek-plek petroleumjellie aan die rande gesmeer, bo-oor geverf met Tjhoko Paint in die kleur Steffan en toe van die verf oor die petroleumjellie afgeskraap. "Ek wou hê die ou hout moet deurkom."

Toe het Karla die proses herhaal, dié keer met die kleur Maestro. "Nou sorg die strepe in die twee kleure vir daai outydse plaasgevoel. Uiteindelik het ek Tjhoko Paint Antique Glaze oor alles aangewend."

Die rugkant het sy skoongemaak met lakverdunner en ná 40 minute geverf in die kleur Da'vid. "Ek het 'n uur gewag en toe die paneel versier met die Tjhoko Paint-stensil 2021-45x45-4 en die kleur Maestro."



Stensil
2021-30x30-14

Brian het 'n paneel gemaak vir hake wat Karla by Tjhoko Paint se winkel op St. Francisbaai gekoop en met Matt Black geverf het. Vir die patroon het sy die Tjhoko Paint-stensil 2021-30x30-14 en die kleure Maestro, Da'vid en Matt Black gebruik en dit afgerond met Antique Glaze.

Vadoeke (van links) Mungo en Mr Price Home; vatlap van Samesyn



Dit was vir Karla moeilik om die regte kleurkontras vir die spatplaat te kry – sy het haar eers blind gestaar teen die roomkleurige stoof en die groen kaste. “Uiteindelik was grys die beste keuse.”

TREFFENDE SPATPANEEL

Vir die spatpaneel het Brian laaghout op maat gesaag en Karla het dit versier: Eers met Tjhoko Paint se Stencil of Paris en stensil Mc028-90. Toe dit droog was het sy die Stencil of Paris liggies geskuur en die stensilwerk geverf met 'n laag Silver Moon. Ná nog droogtyd het 'n laag Cloud White gevolg. Laastens het Karla die kleur Sherif's Stone met 'n klam vleisdok in sirkelbewegings bo-oor die stensilwerk aangewend. Sy het geen seëlaar gebruik nie. “Ek wou nie 'n blink spatplaat hê nie.”

[WENBESTANDELE]



Nadine Vosloo, bemerkingsbestuurder van Tjhoko Paint, verduidelik waarom Karla se kombuis as die wen-inskrywing in 2022 se Tjhoko Champs-kompetisie aangewys is:

Die kombuis is die hart van die huis – en dié kombuis nooi jou binne! Dit skree: Kom sit aan! Geen moeite is in dié ruimte ontsien nie. Daar is soveel detail en tog is dit steeds stylvol en elegant.

Wanneer jy so 'n projek aanpak, moet jy na die fynste detail kyk. Neem die kleur van jou vloer en mure in ag en vra jouself: Sal die kleur wat ek wil inbring, daarmee “trou”?

Muurkleur is sekerlik dié element in 'n ruimte wat die maklikste en op die mees kostedoeltreffende manier verander kan word met 'n goeie muurverf. In die Tjhoko Paint-reeks het ons 'n pragtige wasbare laeglans-muurverf, Tjhoko Inspired Wall Colours, wat ideaal is vir groot oppervlakke.

Kleur is 'n persoonlike keuse, en in hierdie kombuis is daar slim met kleur en natuurlike houtelemente gewerk. Groen skep kalmte in 'n kombuis en is ook 'n kleur wat kreatiwiteit aanwakker.

Welgedaan ook met die keuse van teksture en patrone! Verskillende teksture skep nie net opwinding nie, dit maak 'n stylstelling en tree op as daai X-faktor in 'n ruimte. En die subtile gebruik van patrone op die dekor-elemente rond alles so mooi af.

As ons na die voor-foto kyk, is dit byna onmoontlik om te dink dat die grootste verandering net met Tjhoko Paint geskep is. Baie geluk, Karla – dis 'n kampioen-projek. 🏆

Stensil Mc028-90



Ligter & helderder

Nuwe kleur het hierdie kombuis van vaal en vervelig verhef tot vars en verruklik.

Deur Mary Jane Harris • Foto's Christoph Hoffmann

Lungile het hierdie figuurtjies laat maak deur Manoushka Kraal van Noush Projects – dit stel haar en haar sibbe voor.

Verfkleur
Plascon Velvagio
White

Die kaste is geverf met Plascon Velvagio, 'n waterbasisverf – wit bo en 'n kontrasterende blou onder. Nuwe kwartsblaaie van Eyakho Business Furniture Centre het die hele ruimte verfris.

Handvatsels van Handles Inc.; groot vloerteëls met marmer-voorkoms van Tiletoria; metro-teëls van Tile Africa; mat en kapplank van Mr Price Home

Verfkleur
Plascon Velvagio
Nautilus



WIE WOON HIER? Lungile Mbambo
WAAR Blairgowrie, Johannesburg

Houers van
Mr Price Home



Die vensters het nuwe
blindings van African
Dreamers Interiors gekry.
Gras-vrugtemandjie van
Mr Price Home

Ek het hierdie huis gekoop vir sy swembad,” vertel Lungile Mbambo, ’n spesialis in digitale ontwerp wat in die bankwese werk. “Dit was beslis nie vir die kombuis nie, al het die eiendomsagent my telkens probeer oortuig hoe wonderlik dit is.”

Daar was wel genoeg bêreplek en werkoppervlakke, maar die ruimte het gesmeek om vars afwerking. Nie net het die vergeelde houtkaste neerdrukkend gevoel nie, die donker leiklipvloer het ook bygedra tot ’n algehele somberheid. “My styl is skoon en modern, en hierdie kombuis het net nie by my gepas nie,” sê Lungile. Wat wel vir haar gewerk het, was die uitleg, met die stoof aan een kant en die wasbak regoor. “Ek kon sien dit kort net vars afwerking om werklik stylvol te wees.”

Eers was daar lig...

“Ek het begin met nuwe teëls vir die mure en vloer om dit ligter en helderder te maak,” verduidelik Lungile. “Die groot teëls met ’n marmervoorkoms op die vloer het die hele ruimte dadelik groter laat lyk; vir eenvormigheid is dieselfde teël teen die muur by die wasbak gebruik. En omdat ek baie van die voorkoms van metroteëls hou, was dit my keuse vir die spatpaneel en agter die kookblad.”

Volgende is die donker granietblaaie met vars wit kwarts vervang, wat Lungile sommer ook die geleentheid gegee het om ’n nuwe oond en kookblad te installeer. “Gelukkig kon ek die suigwaaier en oorspronklike wasbak behou, wat koste help besnoei het.”

Nou was dit nog net die lelike kaste... “Ek wou dit verf, maar het nie geweet hoe om so ’n projek aan te pak nie,” sê Lungile. Toe ontmoet sy Mary Edwards by die gimnasium. “Ons het gaan koffie drink, en daar ontdek ek sy spesialiseer in die verf van kombuise. Ek was so opgewonde, en het haar gevra om my te help.”

Hulle het koppe bymekaargesit om kleure te oorweeg en besluit op ’n vars wit vir die bokaste, wat ’n gevoel van ruimte sou skep, en ryk diepblou vir die onderkaste. “Hierdie blou het vir my gelyk na ’n lieflike kontras met die wit en grys skakerings wat ek deur die res van die huis gebruik het,” sê Lungile. “En ’n kleurblok-effek soos hierdie het groot trefkrag,” voeg Mary by.

... en toe kleur!

“Met al die teëlwerk reeds gedoen en die werkblaaie op hul plek kon ons net inkom en die kaste mooimaak – amper soos om ’n koek te versier,” verduidelik Mary. Haar span het elke deur en laai gemerk voor hulle dit af- of uitgehaal het terwyl die karkasse geverf is.

“Omdat Lungile ’n tikkie glans wou inbring met nuwe goudkleurige handvatsels, het ons die ou knoppe afgehaal en die skroefgate opgevul voor die hout met onderlaag bedek is. Nuwe handvatsels soos dié maak ’n reuseverskil,” sê Mary. Drie lae verf later was die kaste onherkenbaar.

“Al die werk is hier op die perseel gedoen, wat dit vir my makliker gemaak het. Dit het my ook laat voel dat ek deel van die opknappingsproses is,” vertel Lungile. “Dis vir my heerlik om in my kombuis te wees, of dit nou vir my eerste koppie koffie is of wanneer ek kos maak. Dis so ’n kalm, gesellige ruimte – om tyd hier deur te bring, is vir my terapeuties.”

[VERFWENKE VIR KASTE]



Mary Edwards van Mary Edwards Specialist Paint Techniques sê dat voorbereiding uiters belangrik is voordat ’n mens enige verfprojek aanpak; sy gee dié wenke:

- Was oppervlakke deeglik met suikerseep; spoel die seep af en laat die oppervlakke heeltemal droog word – verkieslik oornag.
- Skuur met 150-grint-skuurpapier en verwyder alle stof.
- Berei die oppervlak voor met ’n sterk onderlaag soos Dulux Supagrip en laat dit oornag droog word.
- Wend dan drie lae verf met ’n mediumgroot sponsroller aan. Laat minstens vyf uur droogtyd toe tussen lae, maar verkieslik oornag.
- Skuur liggies tussen lae met ’n fyn 360-grint-skuurpapier vir ’n gladde, naatlose afwerking.

KONTAK 082 880 8810 📞

KONTAKTE & VERSKAFFERS African Dreamers Interiors 074 605 4401 Dulux dulux.co.za Eyakho Business Furniture Centre 011 643 4968, facebook.com/eyakhobusinessfurn Handles Inc. handlesinc.co.za Mr Price Home mrphome.com Noush Projects instagram.com/noushprojects Plascon plascon.co.za Tile Africa tileafrica.co.za Tiletoria tiletoria.co.za

Omdat beligting so 'n belangrike element is vir atmosfeer, het Nadine se span 'n hanglig gemaak en bo die eettafel gehang.

Knus in wit

Koebaai, donker en saai –
hallo, helder en gesellig!

Deur Marie Opperman
Foto's Chrystal de Witt
Stilering Nadine Vosloo

Verfkleur
Tjhoko Paint
Lebo's Light


Verfkleur
Tjhoko Paint
Cloud White

Verfkleur
Tjhoko Paint Cloud
White, Da'vid en
Lebo's Light gemeng

Verfkleur
Tjhoko Paint
Magical Marina



Ilze Helberg



Voor

WIE WOON HIER? Ilze en Niel Helberg, en hul seun Niel jr. (18)
WAAR Nigel, Gauteng

Verfkleur

Tjhoko Paint
Vinia Stone gevolg
 deur Cloud White

Die konsertina deur
tussen die eet- en
sitkamer is vervang
met skuurdeure van
hout, wat ook tekstuur
ingebring het.

Hout verskaf deur
TimBuild

Die skoorsteenmuur is geverf
met Tjhoko Paint Cloud White,
net soos die houtpanele
langsaan, terwyl die ander
baksteenmure afgewit is met
die droëkwastegniek in twee
kleure verf.

Verfkleur
Tjhoko Paint
Cloud White

Sy was nog altyd lief om Sondae
saam met haar gesin rondom
heerlike kos te kuier, vertel Ilze
Helberg van Nigel aan die Oos-Rand. “Maar
my eetkamer was só lelik dat ons nooit daar
aangesit het nie. Ons het in die sitkamer
geëet, op bordjies op ons skoot. Ek wou selfs
nie eens meer, soos in die verlede, gereeld
vriendinne oornooi vir koek en tee nie.”

Dit was voor Tjhoko Paint hul towerstof oor
die eetkamer kom strooi het.

“Nou is die vertrek só mooi en lig,”
sê Ilze ingenome, “dis die heel beste
bymeekaarkomplek in ons huis. Deesdae
kuier ons almal – ook ons oudstes wat al uit
die huis is, Marcel en Arno, hul vriendinne
en my ma, Diane Engelbrecht – heerlik om
die groot, nuwe tafel in ons splinternuwe
eetkamer.

“Ek kon nie glo dat iets só groot oor my
pad gekom het nie. Hoe kan iets só goed
met my gebeur?” >>

Ilze het Nadine gehelp om twee kunswerke as fokuspunt te verf.

Skilderdoeke van PNA



Verfkleur

Tjhoko Paint Magical Marina



Ilze gryp die kans

Ilze vertel sy is op haar gelukkigste by haar huis. “Ek werk van die huis af vir ’n vervoermaatskappy. Ons woon al 20 jaar op Nigel en het dié effens afgeleefde ou huis vyf jaar gelede gekoop.”

Hul eetkamer is die eerste vertrek wanneer jy by die voordeur inkom en sy het van die begin af besef dit lyk nie goed nie.

“Toe ek op Nadine se Facebook-blad lees van Tjhoko se ‘Plan van aksie’ (*sien bl. 55*), wou ek dadelik my eetkamer inskryf. Ek het dieselfde dag foto’s geneem en ingestuur; Niel het net gelag.

“Nadine en haar span het kom kyk en daarna laat weet hulle wil die eetkamer opknop. Toe moes Niel om verskoning vra oor hy vir my gelag het!”

Sy sê sy sal ewig dankbaar wees vir die Tjhoko-opknop. “Die hele TV-ervaring sal ek altyd in my hart bêre. Die Tjhoko-span het my só op my gemak laat voel, en oor Nadine se persoonlikheid en kreatiwiteit kan ek ’n opstel skryf.”

Die resultaat weerspieël haar smaak volkome, sê sy. “Toe die Tjhoko-span kleure voorstel, wou ek weet hoe hulle geraai het dis my gunsteling. Ek het volle vertroue in hulle gehad en hulle het my wildste drome oortref. Hoewel ek nooit self sou kon dink aan die veranderinge wat hulle gekies het nie, voel dit of hulle presies geweet het waarvan ek hou. Dis my kleure, my smaak, my styl.”

Die konsertina deur tussen die eetkamer en sitkamer is met twee groot skuurdeure vervang. “Met dié deure oop raak die sit- en eetkamer een groot, gesellige vertrek. Nou sal ons die sitkamer ook moet mooi maak, want dit pas nie meer by die pragtige moderne eetkamer nie,” sê Ilze laggend.

Deesdae dek sy graag die tafel en doen met ’n lekker hart moeite met onthaal.

“Ek hoef nie meer skaam te kry vir ’n koue, donker vertrek nie; ek sit gereeld alleen hier en wonder my aan die verandering.”

Die kombinasie van wit skakerings en verskillende teksture skep ’n gevoel van kalmte en sagtheid, en dit verwelkom gaste, vertel Nadine. Daarom het sy ook die knoetsdennehoutplafon wit geverf en die bruin siersteenmure afgewit. “Verder het ons ’n kassie vir breekware bygevoeg en geverf.”

Rou dennehoutmeubels van Lotters Pine

VERSKAFFERS Carné Interior Design carneinteriors.co.za **Hamilton’s Brushware** hamiltonbrush.co.za **Lotters Pine** lotterspine.com **PNA** pna.co.za **Ryobi Africa** ryobishop.co.za **TimBuild** timbuildrandburg.co.za **Tjhoko Paint** tjhokopaint.co.za

Dit voel of die nuwe eetkamer *my en my mense*
nader aan mekaar gebring het. – Ilze



- 1 Verskillende teksture laag op laag.
- 2 Twee houtlere is gemaak vir die ruimtes langs die skoorsteen; hier bring mandjies, komberse en lap ekstra sagtheid.
- 3 'n Blinding agter die nuwe gordyn herhaal die skakerings in die vertrek.
- 4 Ook die kaggel spog met 'n vars baadjie.
- 5 Elke stoel by die nuwe tiensitplek-eetkamertafel het 'n kussinkie gekry. Ilze het potte uit haar huis met aardse en ligte pastelkleure van Tjhoko Paint geverf.
- 6 Houtpaneel rond die muur aan weerskante van die kaggel af.

Bykomstighede van Tjhoko Paint; gordyn en blindings deur Carné Interiors; gereedskap vir projek verskaf deur Ryobi en Hamilton's Brushware

[DIE AFWIT-TEGNIK]

Daar is verskeie maniere om 'n baksteenmuur af te wit, sê Nadine Vosloo, bemakingsbestuurder van Tjhoko Paint:

Die tekstuur van jou muur bepaal watter metode die maklikste gaan wees, verduidelik sy.

Die algemeenste manier is om 'n klam vleisdoek te gebruik vir die afwitproses van 'n gladde oppervlak. Versprei die verf (onverdun of verdun met water, afhangende van hoe poreus die oppervlak is) mooi egalig op die klam lap en wend dit dan daarmee aan. Dis 'n subtiele verandering van die oorspronklike kleur sonder om die oppervlak heeltemal toe te verf.

Vir die siersteenmure aan weerskante van die kaggel het Nadine die droëkwas-tegniek gekies, aangesien dit 'n baie growwe oppervlak is. So het sy gemaak:

Gebruik 'n 100 mm-Hamilton's-veselkwas en versprei min verf egalig oor die punt van die kwas. Begin aan die bokant van die muur en werk ondertoe; verf van links na regs oor die oppervlak.

Hier het Nadine eers 'n laag Vinia Stone aangewend, en daarna die proses herhaal met Cloud White.

Tydens die aanwending van dié laag het sy hier en daar vertikale kwashale gemaak om te verseker dat die hele muur 'n mooi egalige ligter voorkoms kry. 🏠



Soos gesien in "Plan van Aksie" op VIA (kanaal 147 op DStv).

‘Verf maak als reg en mooi’

Deur Marlene Malan • Foto's Dirk Pieters • Stiling Marian van Wyk

Op 'n tafeldruiweplaas naby De Doorns het Salomé van Deventer die badkamer van hul ou plaashuis tot 'n prentjiemooi moderne vertrek omgetower.

Verfkleur

Tjhoko Paint
Sherif's Stone

Salomé het die wasbakkas self gebou en tekstuur op die kasdeurtjies aangebring met Tjhoko Paint Stencil of Paris. Daarna is dit gevef met Tjhoko Paint Sherif's Stone. Die sementvloer is gevef met Dulux Floorcote Enamel in die kleur Dark Sea Grey.

Verf van AH Marais Seuns en Build-it; hout van Discount Boards; bad en wasbak van Victoria + Albert; mat van PEP Home; krane van Takealot



Salomé van Deventer

WIE WOON HIER?

Salomé en Enrico van Deventer
en hul kinders, Wian (12),
Antoné (10), Kristian (6)
en Lehan (4)

WAAR De Doorns,
Wes-Kaap

As Salomé van Deventer van die mooi Hexvallei één kenmerk van haar dekorbenadering moet uitsonder, is dit “harmonie”.

“Jou huis is ’n plek waar jy vrede moet hê en moet kan ontspan,” sê sy. Met die opknap van hul plaashuis se badkamer is dit presies wat sy in gedagte gehad het: iets vars en treffends maar terselfdertyd prakties. Want die ruimte is nie optimaal benut nie; dit was ook nie esteties bevredigend nie, was haar diagnose.

“Ek wou dié besige badkamer ’n ‘wow’-inspuiting gee. Die ou ingeboude bad en die wit teëls teen die muur en op die vloer het my baie gehinder.”

Salomé, ’n ma van vier, het besef een wasbak in die huis was heeltemal onvoldoende vir ’n groot gesin. “Ek wou graag meer ruimte skep sodat ons almal sonder sukkel soggens deur die tandeborselroetine kan kom. Ek het vir so twee maande kopgekrap en rondgekyk na idees.

“Enrico raak altyd ’n bietjie senuweeagtig as ek eers aan die verf raak, maar wanneer ek klaar is, is hy gewoonlik aangenaam verras oor die resultaat.”

Teen die muur bo die bad was voorheen strepe, ’n onvoltooide opknappoging wat sy net nie kon klaarkry nie, vertel Salomé. “Ek het dit toe eers net so gelos. ’n Mens gaan mos maar deur fases – strepe was op ’n tyd my ding, maar toe raak ek moeg daarvan.” >>



Beplan, fokus en verf

Verlede jaar Desember het Salomé toe ingespring en aan die “nuwe” badkamer begin werk. Dit tel in haar guns dat sy ’n marathonsportster en dus fiks is, “en dat al die kinders hul deel gedoen het”.

Dit help ook dat sy by die onderneming Victoria + Albert, ’n bad- en wasbak-vervaardiger op Worcester, werk waar sy daaglik die lekkerste idees ontdek. “Ek doen dinge soos produkontwikkeling en ontwerp, bestuur nuwe produkte deur die fabriekstadium, doen navorsing oor ander vervaardigingsmetodes en tegnologiese ontwikkeling.

“Te midde van al die mooi goed daar het ek besef die regte beplanning, die regte verf en ’n paar fokuspunte in die vertrek wat jy opknop, verander alles. Tjhoko Paint het my rêrig aan die brand gekry en laat besef ek hoef nie so baie aan te koop nie – verf maak als reg en mooi. Ek is mal oor selfdoenprojekte; verder herwin ek graag ou meubels en maak soms my eie meubels. En ek verf enigiets wat ek kan.”

Salomé blaai ook graag deur tydskrifte of dekorboeke vir inspirasie. “Ek hou daarvan om ander mense se idees te sien en iets daaruit by myne te voeg.”

Einde Februarie was alles klaar. Haar inskrywing vir die *Tjhoko Champs* 2022-kompetisie het gevolg nadat sy ’n foto van die voltooide badkamerprojek op Tjhoko Paint se Facebook-blad geplaas en goeie kommentaar en talle “likes” gekry het.

“As ek eers begin verf, werk ek nie met ’n definitiewe plan nie, eerder op gevoel. En soos ek deur die proses gaan, verander die prentjie partykeer,” vertel sy. “Jy maak maar foute wat weer op ’n manier reggestel moet word. Ek dink wel lig speel ’n groot rol in jou keuse en aanwending van kleur.”



Só het Salomé gemaak ...

1 Eers het sy die muur ’n tekstuurryke afwerking gegee met Plaster Skim se Trowelling Filler, wat oornag moet droog word. Daarna het sy die hele muur bedek met een laag Dulux Dusted Moss, aangewend met ’n roller. Hier en daar het sy met ’n klam vlesdoek aksente aangebring in Tjhoko Paint Sherif’s Stone.

2 Volgende aan die beurt was Stone Wash. Salomé het ’n klam vlesdoek in ’n bal gevorm, dit in die verf gedoopt en die muur met dié lap gekleurwas. Sy het dit 20 minute kans gegee om goed droog te word.

3 Hierna het sy die kleurwastegniek herhaal met Martin’s Move, en vir die finale afronding die muur met die droëkwastegniek in Da’vid voltooi. 🏠



Sherif’s
Stone



Stone
Wash





Martin’s
Move



Da’vid



Stencil
of Paris



VERSKAFFERS

AH Marais Seuns 023 342 2540

Build-it buildit.co.za

Discount Boards discountboards.co.za

PEP Home pepstores.com

Takealot takealot.co.za

Tjhoko Paint tjhokopaint.co.za


Victoria + Albert vandabaths.com/en-za/

As jy hou van vloere met 'n sementvoorkoms...



PAINTSMITHS PIGMENTED FLOORCOTE

... is 'n dekoratiewe sement-bolaag wat in 'n verskeidenheid kleure kom. Dis terselfdertyd weelderig én aards.



STEENVAS EPOXY SYSTEMS

... is geskik vir residensiële en industriële gebruik.



GEWONE SEMENT OF BETON

... hoef nie grys te wees nie, maar dit verg ook nie noodwendig verf om dit kleur te gee nie. Meng sommer 'n pigment by die sement waarmee die vloer afgevlak word, soos dié swart vloer.



ALCOLIN EPOXY FLOOR PAINT

... kan selfs bo-oor sekere teëls aangewend word vir 'n duursame afwerking – dit kom in 'n verskeidenheid kleure.

Van stief tot stylvol




Verfkleur
Tjhoko Paint
Cloud White

Verfkleur
Tjhoko Paint
Dumisa's Dream

Wit gordyne en beddegoed laat die kamer nou veel ruimer voel.

Goue chenille-deken en groen wafeldecken van Mr Price Home; bedkassie van Lotters Pine; verf van Blits Elektries & Hardware



Junelle Miske

WIE WOON HIER? Junelle Miske (15), haar ouers, Wolter en Anita, en twee sibbe, Erwin en Liani
WAAR Waverley, Pretoria

'n Tiener van Pretoria het wondere verrig deur 'n afskeepvertrek in hul huis in 'n verwelkomende gastekamer te omskep – en dit alles binne net een maand.

Deur Marlene Malan
Foto's Christoph Hoffmann
Stilering Mary Jané Harris

Verlede November nog was die eenkantvertrekke in hul huis niks meer nie as 'n onooglike bēreplek waar almal als gepak het wat hulle nie wou hê nie maar nie kans gesien het om weg te gooi nie.

So vertel Junelle, wie se stylvolle omskepping van 'n onbenutte ruimte in hul huis die beoordelaars in 2022 se *Tjhoko Champs*-kompetisie beïndruk het.

Dié kamer, nou 'n stylvolle gastekamer/nutsvertrek, tref die oog weens haar slim gebruik van kleur om dit lig en groter, en terselfdertyd treffend en verwelkomend te laat lyk.

“Dis omdat hierdie ekstra kamer in die huis nie eintlik gebruik is nie dat ek dit vir myself gevat het om in my vrye tyd my kreatiwiteit uit te leef en projekte te doen,” sê sy.

“In 'n stadium verlede jaar het ons oorsese familie verwag wat 'n week lank by ons sou kom oorbly. Ons het nie regtig 'n kamer gehad wat vir gaste ingerig is nie, en my ma het genoem ons kan dié een dalk in 'n kombinasie van gaste- en kunskamer omskep.”

In haar soeke na idees en verfopsies het Junelle op Tjhoko Paint se Instagram-profiel verneem van die *Tjhoko Champs*-kompetisie. En dadelik het allerhande idees by haar posgevat: “Die familie sou binnekort by ons wees, en ek moes in elk geval die kamer gereed hê voor die kompetisie se sluitingsdatum. Dit was my motivering om aan die werk te spring. My tyd was ook beperk omdat ek daardie maand vir my eindeksamen moes leer. Gelukkig het ek bloktyd gehad, daarom sou ek die mooimaakwerk sommerso tussen my studies kon inpas.”

Junelle het haar pa, Wolter, nadergehark om die gaatjiesbord te maak en te monteer. Nuwe gordynrelings (oorkant) is ingesit, met ou endversierings wat net oorgeverf is.

Ronde spieël en swart kers van PEP Home; koffiebeker, draad-pennehouer en swart melamienskinkbord van Mr Price Home; hout vir gaatjiesbord van Chamberlain



Vir kontras is die horisontale kapstroke nie geverf nie, maar verseël met Chamberlain Wood Preservative.

Ek wil graag
*binneversiering as
stokperdjie* beoefen,
sommêr vir myself
en vriende en familie,
dalk selfs vir 'n ekstra
inkomste.
– Junelle

Strooikussings wat die nuwe kleurskema komplementeer, rond die prentjie af.

Blomkussing en kussings met fraiings van Mr Price Home; geruite kussing van PEP Home

Dis in haar bloed

Junelle se belangstelling in binneversiering het al op laerskool begin, vertel sy.

“Al van die ouderdom van tien af kyk ek gereeld deur huis- en dekortydskrifte. Ek het vir my 'n plakboek gemaak met foto's van meubels en binneversiering wat vir my mooi was. Ek kry ook idees op Pinterest. Ek dink my kunstigheid en kreatiwiteit kom van albei my oumas af; my pa, wat die staalonderneming Wireworx saam met sy broer bedryf, se sakevernuf inspireer my ook baie.”

Nou hoe gemaak om 'n ruimte van skaars 12 m², met mure wat reeds deur vensters en 'n ingeboude kas beset was, prakties in te rig én steeds aantreklik en vriendelik te laat lyk? Dit was Junelle se grootste uitdaging.

“Ja, die grootte en gebrek aan muuroppervlakte was 'n kopseer,” onthou sy, maar sy wou nog altyd paneelwerk met behulp van kapstroke skep. “Ek het die kort muur met die venster gesien as my kans om dit te probeer.”

Sy vertel dat hulle as gesin al 'n hele ruk voor die kompetisie begin beplan het om hul huis stelselmatig op te knap. “Ons het toe

reeds besluit dat ons natuurlike kleure, veral olyfgroen en bruin skakerings, regdeur die huis wil gebruik. Daarom was dit net logies, toe ons onder druk was om hierdie kamer te voltooi, dat dit volgens dié kleurskema sou gebeur.”

Wit was Junelle se gekose hoofkleur, “omdat ek die vertrek groter wou laat lyk, natuurlik. Ek wou graag die suidelike muur die fokuspunt maak, want wanneer jy by die kamer instap, is dit die eerste ding wat jy sien.”

Die enkelbed en lessenaar was reeds in die kamer, maar die speël, bedkassie en houtstoeltjie is nuut. “My pa het my gehelp om die gaatjebord vir die westelike muur te maak. Ek het die twee tweedehandse stoele wat ons gekoop het oorgeverf, so ook die lessenaarraam, waaraan my pa twee ekstra ysterpote gesit het,” vertel sy. “As ek meer tyd gehad het, sou ek eerder al die meubels by 'n tweedehandswinkel wou koop en dit opknap. Ek glo in herbenutting, daarom sal ek selde nuwe goed koop,” vertel dié tiener wie se stokperdjie dit juis is om ou meubels te vernuwe en dan te verkoop.

VERSKAFFERS **Blits Elektries & Hardware** blitspta.co.za **Chamberlain** chamberlains.co.za **Lotters Pine** lotterspine.com
Mr Price Home mrphome.com **PEP Home** pepstores.com **Tjhoko Paint** tjhokopaint.co.za **Wireworx** wireworx.co.za

Wat jy nodig het

INKOPIELYS

- wit PVA-verf • kapstroke
- No More Nails-gom
- Tjhoko Paint Dumisa's Dream en Cloud White • houtseëlaar
- verfbare akrielseëlaar

GEREEDSKAP

- verfröller
- maatband
- potlood • elektriese saag
- maskeerband
- verfkwaste



Dumisa's Dream Cloud White

PROJEKNOTAS

- Beplan jou paneelmuur deeglik en werk uit hoeveel kapstroke nodig gaan wees.
- Onthou, as jy nie tevrede is met 'n verfkleur nie, kan dit maklik oorgeverf word.

Só het Junelle gemaak...




1 Heel eerste is die grys mure met 'n laag wit PVA-verf vernuwe.



2 Junelle het uitgewerk sy sou nege vertikale kapstroke en twee horisontale stroke nodig hê, en het elkeen gemeet en gemerk.



3 Daarna het pa Wolter haar gehelp om al die kapstroke in die korrekte lengtes te saag.




4 Junelle het toe die vertikale stroke teen die muur vasgeplak met No More Nails-gom. Sy het die bed twaalf uur lank teen die stroke geskuif om druk daarop toe te pas.



5 Ter wille van netjiese verfrande het sy die "paneel" afgebaken deur maskeerband bo, onder en in die hoeke aan elke kant van die muur te plak.




6 Toe Junelle die muur bo die panele met Tjhoko Paint in Maestro begin verf, het dié kleur gou te donker begin lyk. Dan maar eers die panele verf en die saak oordink...



7 Sy het enige gleuwe tussen die kapstroke en die muur met wit Chamberlain Acrylic Sealant opgevul. "Ek het juis dié produk gekies omdat dit verfbaar is."



8 Daarna het Junelle die hele paneelmuur – die kapstroke en die muurdele tussenin – met Tjhoko Paint Cloud White geverf. Drie lae verf was nodig vir goeie dekking.



9 Intussen het Junelle besluit om die donkergroen deel oor te verf in die ligter Dumisa's Dream van Tjhoko Paint. Dit het haar vertrek groter laat lyk en voel. 📌

Romanse in die blom!

Deur Marie Opperman • Foto's Chrystal de Witt • Stilering Nadine Vosloo



Hanlie Bonafede van die verftegniek-ateljee Urban Chalk het die treffende pioenrose teen die slaapkamermuur ge verf. Om nie te verdwyn teen die muur van sowat 3 m breed en 2,4 m hoog nie, is die blomme massief. "Ek skat die grootste een is 1,4 m in deursnee," vertel sy.

Selfs nie die grootste liefde kan van 'n vaal slaapkamer 'n knus liefdeshoekie maak nie. Maar 'n blou muur met pioenrose en 'n tikkie goud sal dalk net die bordjies verhang...



Antionette Joubert

WIE WOON HIER?

Antionette en Pieter Joubert, en hul dogter, Mienke (20)

WAAR Hartbeespoort, Noordwes



Die rakkie reg by die deur bied privaatheid aan die bed.



Antionette het nie 'n speelkas gehad nie, toe maak Nadine en haar span vir haar een van 'n geliefde ou wastafeltjie.

Dekorbykomstighede van Carné Interior Design

Ná langer as 'n jaar in hul huurhuis naby die Hartbeespoortdam was sy steeds moedeloos oor haar en haar man, Pieter, se slaapkamer, vertel Antionette Joubert.

“Dis 'n groot vertrek en alles was spierwit: die mure, die dak en die hortjies. Maak nie saak hoe hard ek probeer het nie, ek kon dit nooit knus en gesellig laat voel nie,” vertel sy.

Maar hoe lui die gesegde? Eendag op 'n reëndag...

Buite was die weer triestig en onplesierig toe Antionette, 'n tuisteskepper, een middag op die bank lê en TV kyk het. Dis toe dat sy die advertensie van Tjhoko Paint sien waarin kykers genooi word om 'n vertrek in te skryf vir 'n towerkwasprojek met verf in “Plan van aksie” op Via (DStv-kanaal 147). Antionette het gespring! En Nadine Vosloo, bemarkingsbestuurder van Tjhoko Paint, het kom kuier.

“Sy het daardie vertrek uit alle hoeke bekyk,” vertel Antionette. “Die hele tyd het haar oë geskitter as sy 'n nuwe plan vir die kamer gekry het.

“Ek was verstom oor haar idees, en die kleure en teksture wat sy wou gebruik.

“Nadine het lank met my en Pieter gesels – sy wou presies weet wat ons behoeftes en hartsbegeerte was. En al het sy ons vooraf vertel wat sy beplan, sou ons nooit in ons wildste drome die uiteindelijke meesterstuk kon voorsien nie.” >>



Hanlie het ook die lae ronde tafel in die koffiehoekie geverf. “Ons het op die nippertjie daarvoor besluit en ek het dit laatnag geverf, voor die volgende dag se opname.



Da’vid Lorain’s Lovely Dani’s Ali’s Don’s
Cream Lorinda Dare Gold Wash

Vyfster-weelde

Die hele kamer is verander, verduidelik Antionette. “Ons sou nie so slim kon kies soos wat Nadine gedoen het nie, tog weerspieël haar keuses ons smaak só goed, dis eintlik skrikwekkend. Die veranderinge is soos legkaartstukke wat perfek by mekaar inpas. Daar is werklik nie een stukkie wat ons sou wou uithaal nie.”

Op hul eerste aand in die sprokiesmooi kamer het dit gevoel asof hulle in ’n vyfster-hotel slaap. “Die kamer is groot, sodat dit voel asof ons in ’n luukse hotel woon, veral met ons eie koffiehoekie daarby!

“Die spieëls en naglampies gee ’n sagte, romantiese atmosfeer, terwyl die snoesige mat jou tone laat krul van lekkerte. Ons het egte vereenskaps en aan die onderkant van die bed ’n kunspels-kombers waarvoor ek gek is,” vertel Antionette ingename.

Maar die ware apploustrekkers is die verfkleure en -tegniek. “Die kamer se kleure omvou ’n mens wanneer jy daar instap. Dis nou ’n romantiese plek spesiaal vir my en Pieter. Ons kan mekaar daarin geniet soos ’n verliefde getroude paartjie.”

So bly is hulle oor die nuwe slaapkamer dat die egpaar sommer hul huurkontrak met twee jaar verleng het. “Die verf-gogga het my nou gebyt en die kombuis is volgende! Ek het reeds die kleure gekies...”


Idees word planne

Antionette en Pieter se kamer het haar aanvanklik laat wakker lê, vertel Nadine.

“Kleur is belangrik, want dit skep die atmosfeer van ’n ruimte. Die blou wat ek vir die vertrek gekies het, met tittels goud by, is dramaties en werk goed in ’n slaapkamer. Vir tekstuur het ek ’n verftegniek met Tjoko Paint se Stencil of Paris as basis gebruik.”

Eers het sy die uitleg herdink. “Ek het die bed in my gedagtes rondgeskuif en toe besluit om die kamer te swaai en die bed teen ’n ander muur te plaas. Die muur waarteen die bed eers gestaan het, is nou die fokusmuur met die blomontwerp wat Hanlie Bonafede van Urban Chalk geskilder het. Dit versag die voorkoms van die lang, smal vertrek.

“Daar moet ’n balans wees tussen die grootte van die vertrek en die meubels. Antionette-hulle se slaapkamer is groot en hulle het min meubels daarin gehad. Daarom het ons vir hulle ’n koffiestasie gebou, met stoele en ’n tafeltjie vir ’n sithoekie. Verder het ons ’n ou bankie waarvoor sy sentimenteel is, afgeskuur en herstofteer.”



Oor die “trane” sê Hanlie: “Ek hou daarvan dat die verf afloop. Dit het een keer per ongeluk gebeur en ek was gek daarvoor. Dit vorm vir my deel van die dans met die kwaste en gee daardie verouderde voorkoms wat lyk of die muur jare lank in wind en weer gestaan het.”

Jou kwas moet *as't ware dans* op die muur.

– Hanlie

Só het Nadine en haar span die blou tekstuur teen die mure geskep: Eers is 'n laag Tjhoko Inspired Wall Colours in Lebo's Light geverf. Vier uur later, toe die verf droog was, het hulle Tjhoko Paint Dani's Dare gemeng met Stencil of Paris in 'n 1:1-verhouding, en dit met 'n troffel aangewend in afwaartse "pleister"-bewegings. Terwyl dié laag drooggeword het, is Tjhoko Paint Matt Black net soos hierbo met 'n troffel aangesmeer, gevolg deur Tjhoko Paint Don's Wash – laasgenoemde twee lae skep die aksente.

[WENKE VIR MUURKUNS]



Hanlie Bonafede, 'n Kaapse onderwyseres en gereelde Tuis-medewerker, is 'n ou hand as dit kom by kreatiewe skeppings met verf.

“Ek het aanvanklik met verf tegnieke teen my eie mure geëksperimenteer en my eie meubels geverf,” vertel sy. “Later het ek ook verfwerk vir ander mense begin doen.

“Hoewel ek skilderklasse geneem het, hou ek vir die verf van mure en meubels die jongste giere en tegnieke op veral sosiale media en in tydskrifte dop. Verder volg ek my eie kop – en soms stamp ek hom hard!”

Volg haar raad as jy jou hand aan so 'n kunstige muur wil waag:

- Besluit op 'n kleurskema en styl wat by die res van jou vertrek gaan pas; hou ook die posisie van meubels in gedagte.
- Maak eers 'n skets van die ontwerp volgens skaal op papier om te sien of jy tevrede is daarmee. Hoe groter die ontwerp, hoe groter die impak. Onthou: klein, fyn motiewe raak maklik weg op 'n groot muur.
- Komposisie is belangrik, sorg daarom vir balans. 'n Kombinasie van elemente soos kleur, lyn, tekstuur, ruimte en vorm help om diepte en balans aan jou kunswerk te gee.
- Verf eers die agtergrond; teken dan gidslyne vir die ontwerp met houtskool of bordkryt – albei kan met 'n klam lappie afgevee word.
- Kleur daarna die blomme in. Hier het Hanlie die kleure Da'vid, Cloud White, Lourain's Cream, Lovely Lorinda, Dani's Dare, Ali's Gold, Matt Black en Don's Wash gebruik. Sy begin met 'n groot kwas (38mm) en vul die detail met fyner kwassies in. “Soms gebruik ek sommer my vingers!”
- Sy gebruik meestal vloeiende hale en laai die kwas met meer as een kleur om tekstuur en diepte te verkry. “Ek hou daarvan as die blomblare onegalig is – dit help om die lyne te versag.”

KONTAK facebook.com/urbanchalkCT

[OOR “PLAN VAN AKSIE”]

Dis danksy Nadine Vosloo, bemarkingsbestuurder van Tjhoko Paint, se blink planne dat etlike onooglike ruimtes vandag in wondermooie nuwe baadjies spog.

Sy vertel hulle het vir die televisiereeks agt vertrekke uit sowat 300 inskrywings gekies.

“Ek het ruimtes gesoek wat grootliks met verf opgeknop kon word en nie strukturele veranderinge nodig gehad het nie, sodat ek op die mure en meubels kon fokus – dit is makliker om te vernuwe as byvoorbeeld vloere.”

Voor Nadine op 'n aksieplan vir 'n vertrek besluit, gesels sy eers met die inwoners om hul smaak te bepaal. “Ek het 'n liefde vir mense en ook om 'n verskil te maak in hul lewe,” sê sy. “Ek glo as 'n mens die dinge waaroor jy beheer het – soos jou omgewing – organiseer en mooi maak, dit jou rustiger laat voel oor dit wat jy nie kan beheer nie.”

Sy vertel dat sy oraloer inspirasie vir haar veranderinge vind. “Ek kry dit in die natuur en sy kleure, in binneversiering-tendense en in tydskrifte. Om op te knop is 'n kreatiewe proses, en elke ruimte bring sy eie uitdagings.

“Ek maak eers 'n droombord en lê klem op kleur en tekstuur. In dié tyd sal daar duisende moontlikhede deur my gedagtes vlieg... Uiteindelik is elke opgeknopte ruimte oorspronklik en uniek – net soos sy mense.” 



Soos gesien in “Plan van Aksie”
op VIA (kanaal 147 op DStv).

SKRYF IN & WEN!

Dis weer sulke tyd, maar met 'n kinkel! Danksy 'n opwindende nuwe kategorie beloop die prysgeld in ons jaarlikse *Regruk met Flair*-kompetisie vanjaar 'n allemintige R125 000!

JoJoJouHuis! Dis die tema van vanjaar se *Regruk met Flair*-kompetisie. En hoe dan nou anders? Met JoJo se groot reeks waterverwante produkte kan jy immers lieflik én gemaklik leef, maak nie saak of dit in die hartjie van die stad of diep in die platteland is nie.

Dis eenvoudig: JoJo het die oplossing vir al jou behoeftes – hetsy om reënwater op te vang, 'n voorraad op te gaar vir wanneer munisipale dienste onderbreek word, selfs waterfiltrasiestelsels vir jou

kombuis of badkamer. Beplan vooruit wanneer jy weer huis opknop of bou, en maak seker jy het genoeg water.

JoJo, SA se voorste maatskappy in waterverwante oplossings, is weer ons vennoot as hoofborg vir die jaar. En omdat hulle, net soos die Tuis! Home-span, verbind is tot volhoubaarheid, kondig ons 'n nuwe kategorie vir 2023 aan wat juis dit wil bevorder: 'n meer volhoubare manier van leef, ter wille van ons kosbare planeet Aarde.

#JoJoJouHuis!

Kyk die video!

Bianca Antunes en Rob de Barros is verlede jaar aangewys as weners in die Buite die Boks-kategorie. Kyk na hul pragtige huis op netwerk24.com/tuis.



VANJAAR HET ONS VIER KATEGORIEË...

Kyk na die kategorieë hieronder, kies in watter een jou projek die beste pas en stuur jou foto's!

1

SELF GEDOEN

Hierdie kategorie is vir die kranige selfdoener wat 50% van die werk self kaggedraf het. As jy dus nie skrik vir mure uitkap en nuwe teëls lê nie, laat waai! Jy moet 'n koste-ontleding voorlê en wys wat jy met jou eie twee hande gedoen het.

2

BUIITE DIE BOKS

As jy jouself beskou as iemand wat vernuwend kan dink, is hierdie kategorie vir jou. Dit kan enigiets van 'n blyplek op wiele tot 'n buitekombuis behels. En maak nie saak of jy self gebou of net die projek bestuur het nie, skryf hier in.

3

O, SO MOOI

Het jy tien duime en is vrekbang vir hamers en bore, maar jy het 'n lieflike opknapp bestuur en daarvoor betaal? Oorweeg dan hierdie opsie. Jy kom in aanmerking vir die prys, selfs al het 'n kontrakteur 100% van die fisiese werk gedoen.

Nuut! 4

VOLHOUBAARHEID

Skryf hier projekte in wat die planeet eerste stel – soos 'n mooi badkamer waar die toilet met reënwater spoel, of 'n natuurlike poel wat eers 'n groot swembad was! Jy kom in aanmerking vir die prys, al het 'n kontrakteur 100% van die fisiese werk gedoen.

DIE PRYSE

Altesaam R125 000 kontant is op die spel: die **wenner** in elke kategorie ontvang **R25 000**; die **naaswenner** in elke kategorie kry **R5 000**.

Een gunsteling, vir wie die meeste lesers gestem het, ontvang **R5 000**.

SKRYF SÓ IN

Gaan na **fixit.tuis.co.za** en volg die aanwysings.

SLUITINGSDATUM

30 Junie 2023



Mal hieroor!

Aaron en Stacey Russell van Parkhurst in Johannesburg het 'n speelse swart driehoek langs hul voordeur gevef. Dit het groot trefkrag neffens die swart deurrame, voordeur en dienluik by die kombuis.

Verfkleur

Driehoek en
voordeur:
Plascon Velvagio
Black



Als is beter met kleur

Kry inspirasie van
ons vernuftige lesers
en gebruik kleur vir
nuwe woema in jou
leefruimte.

Saamgestel deur
Beatrice Moore-Nöthnagel

*Foto's Elza Cooper,
Francois Oberholster,
Karl Rogers en Greg Cox*

Stilering
Amanda van Wyngaardt,
Marian van Wyk, Misi Overturf,
Natalie Boruvka en
Juané Scheepers

Houtskool & swart

Altyd stemmingsvol

Houtskool is 'n ou gunsteling teen fokusmure waar dit 'n kontemporêre gevoel en voorkoms na enige ruimte bring – ook die slaapkamer. Dis hoekom Izette Carinus van die plaas Fransmanskraal buite Stellenbosch hierdie donker skakering gekies het toe sy een van die ou geboue op haar eiendom in 'n gastehuisie omskep het as uitbreiding van haar trou-venue-onderneming. Danksy oorgenoeg natuurlike lig laat die kleur nie die vertrek donker voel nie. Staalkabinette as bedkassies gee 'n moderne kinkel aan die plaashuisvoorkoms.

Verfkleur
Plascon Bovine

Lus vir plakpapier?

Niemand het gesê dit móét agter jou bed wees nie. Indien jou bed teen 'n groot muur staan, kan dit 'n duur opsie wees. Izette het 'n paar rand gespaar deur die plakpapier teen 'n smaller muur naby die en suite-badkamer te installeer (*inlas*).

Wenk Izette het 'n prent aanlyn gekoop en die plakpapier laat druk by Studio 22.

Verfkleur

Plascon
Tribecca Corner

Mal hieroor!

Die grys afgevlakte vloer en sinkdak met sy wit balke laat die ryk, donker kleur teen die mure uitstaan.

Donker diepte

Toe Lizelle en Nico Janse van Rensburg hul huis in Melville, Johannesburg, opgeknop het, het hulle 'n deel van die oorspronklike siersteenmuur agter hul braaiplek ongepleister gehou, in pas met die stene daaronder. Donkergrys mure rondom beklemtoon die boogvorm en versterk die atmosfeer. >>

Verfkleur

Plascon
Phantom Ship

Groen

'n Groen plafon? Hoekom nie!

Len en Faith du Plessis het in 2017 'n ou huis in Knysna gekoop wat jare lank verhuur was – die bure het dit die “lelike eendjie” genoem. Maar Len en Faith het die moontlikhede van 'n elegante swaan gesien.

“Die huis was nou wel afgeleef en donker binne, maar die struktuur was stewig. Ons het darem van die begin af geweet ons sou ons hande moes vuilmaak en slim planne maak om dit leefbaar te kry,” sê Len.

Hul handewerk het soveel indruk gemaak dat hulle as naaswenners aangewys is in ons *Regruk met Flair*-kompetisie van 2017 – en hierdie treffende eetkamer was een van talle hoogtepunte wat tydens die beoordeling die TuisHome-span se aandag getrek het. “Faith wou hê die Franse kandelaar wat sy by 'n antiekwinkel gevind het, moet uitstaan; vandaar die dramatiese groen geverfde plafon,” verduidelik Len.

Faith se kunswerke versier die mure, terwyl glasware in juweelkleure die ruimte 'n boheemse kinkel gee.

Verfkleur

Dulux Japanese Maze 1

Blou en groen vat hande

Langs die kronkelpad van Swellendam af deur die Hermitage-vallei na die Langeberge staan daar 'n huis wat van binne net so mooi soos die omgewing rondom is. Marilouise en Jacques van der Merwe het die reusetaak aangepak om die voorheen bouwvallige plaashuis perfek vir hul behoeftes op te knap. Vandag kan Marilouise met groot vreugde sê: "Alles in my huis maak my gelukkig."

Sy het die ou drankkabinet met sy oorspronklike groen glasblad in die portaal op Gumtree gekoop; die groen buffet is geverf met 'n mengsel van Annie Sloan-krytverfkleure.

"Opknapprojekte soos hierdie is vir my heerlik," vertel sy. "Miskien het ek net meer moed as verstand. Ek het die huis as 'n skoon lei beskou wat ek presies kon inrig soos ek dit wou hê."

'n Eklektiese mengsel van erfstukke, antieke skatte en ryk kleure het vir 'n gedaantewisseling gesorg. >>

Verfkleur

Dulux
Inky Pool

Niks hier is formeel nie. Ek het 'n passie vir ouer, *karaktersvolle meubels* en kon heelparty sulke elemente inbring. – Marilouise

Verf oor rou bakstene

Ongepleisterde mure binne en buite – dis wat Annemie en Michael de Jager vir hul huis in Kuilsrivier wou hê. Die paartjie kon daarom nie sement- of maksistene vir die bouwerk gebruik nie.

“As jy nie wil pleister nie, moet jy met heel bakstene werk,” verduidelik Michael. Die ongepleisterde mure skep die indruk van onvolmaaktheid wat die De Jagers verkies, en hul kinders mag na hartelus met hul fietse deur die huis ry.

Annemie wys egter daarop dat hulle in die vier jaar dat hulle hier woon, agtergekom het dit is moeiliker om ongepleisterde mure te was as gladde mure.

“Die tekstuur veroorsaak dat vuilis in die groefies vasgevang word,” sê sy. “Daarom hou ons ’n 20-liter-houer verf byderhand en stap ek elke paar maande met my verfkwas deur die huis en knap op waar nodig.”

Verfkleur

Plascon
Monsoon Lagoon

Hulle het ’n
staal-kamptafel
bedek met swart
epoksi van M&S Epoxy.

Slim met plakpapier

Alana en Jan-Hendrik Groenewald van Groen Bespoke Wallpapers het prentlyste in byna al die vertrekke in hul huis. In hul seun Dawid se kamer het hulle die lyste wit geverf, 'n strook plakpapier daarbo aangebring en die fokusmuur in 'n ryk groen skakering geverf. "Op dié manier kan 'n mens plakpapier selfs op 'n knap begroting gebruik," sê Alana. >>

Verfkleur

Plascon
Night's Delight



Vrolike vloer

Vloerkleure en -patrone vorm meestal 'n neutrale agtergrond in binneversiering. Maar dié gebruik kan netsowel omgekeer word sodat die vloer in die kollig is teen eenvoudiger, meer klassieke afwerkings. Die skrywer Biddi Rorke het al die dennehoutvloere in haar huis in Vishoek met helder groen-blou Plascon Velvaglo bedek. Dit skep treffende kontras met die vars wit mure en plafonne, en eggo die immer wisselende blou skakerings van die see in die verte.



Verfkleur

Plascon Velvaglo
Zenith Teal

[KENNERSRAAD]

Kleur vir die psige



“Blou, groen en geel is so reg in my kleurkraal!” vertel die kleurkonsultant Lien Potgieter. “Dit sê: ‘Hier is ek, kyk na my en voel goed! Dis

waaghalsig en maak ’n stelling sonder om verskoning te vra – veral in die donkerder skakerings.” Elke kleur skep ’n ander gevoel:

Diepblou skakerings is heerlik vir atmosfeer in ’n vertrek, want dit bring diepte en ’n tikkie misterie. Geel is vrolik en opgewek – dink aan sonskyn, warmte en pret.

Groen spreek van die natuur. Dis goed vir die hart en die siel, bring balans en kan koel sowel as warm wees.

Ligter skakerings van al die bogenoemde kleure het dieselfde uitwerking, maar net op ’n meer subtiele manier. Mense is oor die algemeen geneig om die ligter skakerings as meer gesofistikeerd te beskou, maar dit gaan oor jou persoonlikheid en perspektief; donker skakerings kan net so gesofistikeerd wees as dit in die regte kombinasies en hoeveelhede gebruik word.

Viva Magenta is Pantone se Kleur van die Jaar 2023 (*sien bl. 68*) en ’n donkerpienk muur kan ’n treffer wees! Dit skep ’n gevoel van weelde, van prag en praal. En moenie huiwer om dit saam met geel en groen te gebruik nie – dié kombinasie sal ’n mens twee keer laat kyk en jou innooi in die lekkerte.

Kleurkombinasies is groot pret! In hul sterkste vorm vertel dié kombinasies die storie van waagmoed en ’n lus vir die lewe. Probeer bietjie die volgende:

- Magenta en rooi
- Blou, groen en oranje
- Geel en oranje
- Geel en blou

KONTAK lienpotgieter.co.za



[KENNERSRAAD]

Groen in al sy glorie



“Ek raak heeltemal opgewonde as ek aan die kleur groen dink,” vertel Nadine Vosloo van Tjhoko Paint. “Dit roep soveel verskillende emosies op, soos vrede en kalmte, uitgelatenheid en kreatiwiteit. Groen is goed vir jou – van die kos wat jy eet tot die kleur van jou kamer! En daar is

geen tekort aan groene in ons palet nie. Elke skakering het ’n unieke uitwerking op ’n ruimte, die dekor en jou siel.”



Tjhoko Paint
Goodness



Tjhoko Paint
J'co



Tjhoko Paint
Laughing Lee



Tjhoko Paint
Nade



Tjhoko Paint
Frik's Forest

Goodness Ment-groen is koel en vars; dit bring ’n verfrissende gevoel en voorkoms in ’n vertrek.

Olivia's Pale Olyfgroen is weer hoogmode, maar in ’n warmer, sagte neutrale skakering – perfek vir mure en meubels.

Maestro Donkergroen is elegant sowel as stylvol. Kies ’n skakering met ’n neutrale en warm basis.

Asgat Chartreuse is die ene energie en avontuur. Dit sal van enige meubelstuk ’n apploustrekker maak!

J'co en Laughing Lee Diepgroen met ’n donker onderton bring warmte, elegansie en optimisme in ’n ruimte.

Magical Marina Groen-bloue wat aan die see herinner werk goed as hoof- of sekondêre kleur in ’n vertrek; dit bring ook ’n tikkie sofistikasie en avontuur mee.

Neo's New, Jane's Jade en Comfort's Blue Blou-groen kleure is nou uiters gewild en kan in kombuise, leefvertreke, slaap- of badkamers gebruik word. Helderder skakerings is vars en lewendig, terwyl donkerder blou-groene meer dramaties is.

Nade Turkoois bevat meer blou as groen en het ’n vriendelike, kalmerende uitwerking op enige vertrek.

Dumisa's Dream Saliegroen bly immer gewild, veral vir kombuiskaste aangesien dit sag is en nie opdringerig nie.

Frik's Forest Woudgroene is ’n viering van die natuur; saam met rou hout omskep dit enige meubelstuk in ’n elegante kunswerk.

Creative Chrystal Heldergrone is perfek vir kreatiewe en vreeslose mense – dié kleure maak ’n sterk stylstelling.

Topwenk! Wanneer jy verskillende groene saam in een vertrek wil gebruik, kies kontrasterende skakerings soos donker- en liggroene.

KONTAK tjhokopaint.co.za >>



Verfkleur
Tjhoko Paint
Maestro



Tjhoko Paint
Asgat



Tjhoko Paint
Magical Marina



Tjhoko Paint
Neo's New



Tjhoko Paint
Dumisa's
Dream



Tjhoko Paint
Creative
Chrystal



Verfkleur
Tjhoko Paint
Olivia's Pale

Pienk

[KENNERSRAAD]

Magiese magenta



Ons is dol oor vanjaar se Pantone-kleur van die Jaar, Viva Magenta. Dis dapper en vreesloos, met 'n uitbundigheid wat 'n vrolike, optimistiese viering aanwakker. "Met tegnologie wat deesdae hoogty vier, soek ons inspirasie uit die natuur en uit dit wat eg is,"

vertel Leatrice Eiseman, uitvoerende direkteur van die Pantone-kleurinstituut.

"Viva Magenta stam uit die rooi familie en is geïnspireer deur die rooi van cochineal, een van die waardevolste natuurlike kleurstowwe ter wêreld, asook een van die sterkste en helderste.

"Dit staan sy man sonder om aggressief te wees – 'n karmynrooi wat nie opsigtelik domineer nie maar eerder daardie 'sagte maar ferm' benadering volg. Viva Magenta straal die soort dryfkrag uit wat die wêreld van ontwerp kan inspireer om 'n meer positiewe toekoms te skep."

Waaghalsige ontwerpers kan die volle trefkrag van Viva Magenta inspan op 'n weelderige rusbank of muur met lakafwerking, is die raad van die Pantone-Instituut. Diegene wat 'n meer neutrale huis verkies, kan dit as 'n kleurspatseel inbring met 'n glaslamp, blommerangskikking of abstrakte kunswerk. Viva Magenta kom met 'n stewige dosis drama in 'n klein verpakking!

KONTAK pantone.com

'n Ou nagmaalhuisie op Vosburg in die Karoo lyk vrolik en vars nadat sy eienaars, Marcus Smit, Len Kruger en Herman Kruger, dit met 'n speelse kinkel opgeknep het. "Ons is mal oor die pienk muur in die badkamer," sê Marcus. "Dis die perfekte skakering vir kontras met die pragtige Karoo-lug. Ons is ook geïnspireer deur die werk van die oorlede Mexikaanse argitek Luis Barragán, wat beroemd was vir sy kalm, stemmingsvolle huise."

Handdoek van Mungo

Verfkleur

Dulux Destiny



Pantone
Viva Magenta



Tjhoko Paint
Karema



Plascon
Fuchsia Berry



Plascon
Strawberry Whip



Duram
Crimson Clover

Boheemse skoonheid

Dis moeilik om te glo dat dié leef-en-eetvertrek in Dinki en Henry Windell se huis in Pretoria voorheen 'n klassieke Franse styl gehad het, met omtrent alles in wit. Maar tipies van Dinki se eksentrieke geaardheid was dit nie lank voor sy gereed was vir iets nuuts nie – dié keer 'n ryker voorkoms met meer kleur en tekstuur. Ferdi Louw van Pulse, wat die dekor behartig het, beskryf die nuwe styl as boheems, en Dinki is dol daaroor! >>

Verfkleur

Dulux
Blush Rambler 1



Helderpienk mure gee skop aan die leef-en-eetvertrek wat saam met die kombuis deel is van 'n oopplanontwerp. Die tafel, 'n erfstuk, het 'n wit blad wat inskakel by die nuwe, meer kontemporêre, palet. Die pote is geskuur en afgewit.



Indochine-kabinet
(750cm L x 380cm B
x 915cm H) R12 995,
Block & Chisel

Bird of
Paradise-
kantha-
deken vanaf
R1 100,
India Ink



Kom saam winkels toe



Luukse
kuiprugstoel
R3 899,
Elevenpast



Klein pienk Eurolux-glas-
hanglig R934, Leroy Merlin

Pienk kussing
(50 x 50cm)
R169,99,
Mr Price Home



Shwe-horlosie
(30 cm)
R599, Knus



Orgidee in pot (14 cm)
met oortreksel R199,99,
Woolworths



VERSKAFFERS

Block & Chisel blockandchisel.co.za Elevenpast elevenpast.co.za
India Ink indiaink.co.za Knus knus.co Leroy Merlin leroymerlin.co.za
Mr Price Home mrphome.com Woolworths woolworths.co.za

70 tuis VERF DIT 2023

[KENNERSRAAD]

Inspirasie uit die natuur



“Kleur lei tot verandering; dit kan ’n nuwe atmosfeer skep, ’n luim opvrollek en ’n ommekeer bring in hoe ons voel,” sê Palesa Ramaisa, kleurkenner by Dulux.

In 2023 vier Dulux 20 jaar van ColourFutures, die maatskappy se Kleur van die Jaar-veldtog.

Vanjaar val die kollig van Dulux se Kleur van die Jaar op die natuur: Wild Wonder, geïnspireer deur die warm tone van ’n oes op die land, werk wonderlik in die volgende palette – elke palet het tien kleure. Hier is ons gunsteling:

WELIGE KLEURE (*woudskakerings*)

Dié strelende palet, geïnspireer deur die plantryke habitatte van tuine, woude en boslandskappe, dra by tot ’n vertroude, vertroostende en ondersteunende gevoel in ’n ruimte.



BEDRYWIGE KLEURE (*grasveld-tinte*)

Met inspirasie uit die energieke biodiversiteit in ’n veld oortrek met gras of blomme, bring dié opgewekte palet hulde aan die voordele van saamwerk, en skep geluk en harmonie in ’n ruimte.



ROU KLEURE (*nuanses van die oes*)

Net soos natuurlike grondstowwe, weerspieël dié palet die rykdom van hulpbronne en ontwerp wat ons omring. Dit bring ’n verrykende gevoel van potensiaal en kreatiwiteit.



VLOEIENDE KLEURE (*strand-tone*)

Hierdie subtiele, tydlose palet, geïnspireer deur die reëlmatige ritmes van die natuur en sikliese eb en vloed van die lewe, bring ’n sensasie van vloeibaarheid en ewewig.



KONTAK dulux.co.za

Superstoep!

Pleks van 'n klomp geld spandeer aan 'n duur opknap, het die kunstenaar Heidi Lund en haar man, Peter, spatsels verf en sterk kleure gebruik om 'n ou huis op Swellendam splinternuut te laat lyk.

Nadat hulle die voordeur helderpienk geverf het, het Heidi gevoel dieselfde kleur sal net so goed op hul agterstoep werk. "Ek is só lief vir hierdie kleur – ek sou die hele huis se buitekant pienk geverf het as ek nie reeds grys verf gekoop het nie," vertel sy.

Hoewel Heidi haar nie juis by 'n bepaalde tema hou nie, het sy spesifieke kleure in haar dekor gebruik, soos duidelik in die pienk, turkoois, groen, geel en oranje op die stoep. "Die oranje is nog nuut vir my, maar dit lyk pragtig teen die pienk en maak dit interessant." >>

Verfkleur

Plascon Banana Leaf

Verfkleur

Dulux
Flamingo Fun 1

Heidi het die rottangmeubels geverf met Woodoc 30 Exterior Polywax Sealer, wat sy getint het met Orange en Full Moon uit die Woodoc Colours Brights-reeks – laasgenoemde is 'n wit skakering wat die oranje effens temper.

STYLSTELLING

Blou

Vir kontras

“Ek wou ’n intieme, stemmingsvolle ruimte skep, vandaar die donkerblou vir kontras met die rou baksteenmuur,” vertel Teresa Dalton oor haar vorige huis in Pretoria. Dié kleur laat die versameling sierlike spieëls in goue rame, meubels gestoffeer in rooi en mosterdkleurige fluweel, ’n Persiese mat wat sy geërf het, kunswerke en vergulde koffietafels pragtig uitstaan. Al die kleure en teksture dra by tot ’n boeiende interieur.

Verfkleur

Plascon Black Beard

Het jy geweet?


Diepblou is ’n veelsydige kleur wat veral goed werk saam met hout – van donker houtsoorte soos embuia tot ligter eikehout. Dis ook die perfekte pasmaat vir bruin leermeubels en ongepleisterde baksteenmure. As jy te veel donker hout in jou huis het, verf die mure blou!

Hierdie tweedehandse vonds was oorspronklik 'n spieëlkas met swaaispieëls bo-aan, maar weens 'n gebrek aan hoogte was dit onprakties. Die spieëls is daarom afgehaal en die blad geskuur en in 'n hoëglans-turkoois gespuitsverf. Die onderste laai is vervang met 'n paneel wat afslaai – perfek vir 'n DVD-speler. En omdat DVD's netjies in die laaie pas, sal dié meubelstuk ook uitstekend werk as TV-kas.



Verfkleur
Dulux
Mexican Mint 5

Helder kleure is warm en vriendelik – geen wonder dit laat almal so goed voel nie! Dié eetkamer spog met 'n asemrowende blou galerymuur gevul met vrolike vakansiekiekies.



Verfkleur
Dulux
Minted Glory



Kyk hoe mooi lyk Plascon Black Beard hier in die gang in Rial Kloppers Visagie en Daniel Swanepoel se huis op Robertson! Hulle het 'n droëkwastegniek gebruik om besondere trefkrag te skep waar die Blue Beard met 'n warm geel, wat hulle spesiaal laat meng het, ontmoet. Die paartjie se elegante dog manlike styl het die tradisionele plaashuis voorwaar in 'n moderne opstal omskep.



Donkerblou was die perfekte pasmaat vir die skoorsteenbors van rou sement in Daphne en Stephan de Swardt se huis in Somerset-Wes. Donovan Hanekom van DH Architecture het dié kuierkol rondom die kaggel met sy ingeboude bank ontwerp. >>

Verfkleur
Laminin Paints
Midnight Blue

Die kits-ontrimpeling vir die swembad-area is geïnspireer deur die Mexikaanse modernistiese argitek Luis Barragán se gebruik van sterk kleure op beton in buiteruimtes. Net twee kleure is gebruik: Dulux Desert Island 1 en Dulux Winter Teal 1.

Voor



'n Nostalgie-reis

Toe die vorige eienaars, Martina Klopper en Ian Goodes, hierdie huis in Boston, Kaapstad, wat in 1967 gebou is, begin opknop, was hulle vasbeslote om al die nostalgiese elemente te behou. Daarom het hulle gewerk met wat reeds daar was – soos hierdie buitebraai-plek met sy unieke vorm. Ook binne het hulle die retro-flair versterk met geometriese vorms in hul binneversiering, en deur meubels kenmerkend van daardie tyd te restoureer.

Verfkleur

Dulux
Desert Island 1

Verfkleur

Dulux
Winter Teal 1

Op 'n stylstreep

“Geel laat ons vol inspirasie en energie voel, daarom is dit 'n goeie keuse vir ons studeerkamer,” vertel Lydia Maree oor die huis wat sy en haar man, Johan, in 2014 in Centurion gebou en intussen verkoop het. “Die streep het per ongeluk gebeur terwyl ons besig was om die wit muur geel te verf. Nadat ons verwer die boonste deel geverf het, het ek van onder af begin. Ek was amper klaar en daar was nog net 'n smal wit strook oor toe my vriendin Leonie indraf vir koffie. Haar eerste woorde was: ‘Sjoe, dis nou koel! Waar het jy die idee vir die wit streep gekry?’ Toe los ek dit net so!” >>

Die treffende geel is soortgelyk aan Duram Sunny at Heart.

Swaar staalraamdeure en 'n afgevlakte vloer skep 'n kenmerkend industriële voorkoms, terwyl die meubels 'n mengsel van moderne stukke en sagter vondste uit liefdadigheidswinkels is. “Ek koop graag moderne én antieke meubels wat van goeie materiaal gemaak is en interessante lyne het vir 'n besondere geheel,” verduidelik Lydia.





Geel mure in Madelein en Hein Luttig se ingangsportaal in Zevenzicht, Kuilsrivier, skep kontras met die wit muur en 'n versameling borde in hul oopplan-leefvertrek.



VERSKAFFERS & KONTAK Annie Sloan chalkpaint.co.za
 DH Architecture dharchitecture.com Dulux dulux.co.za Duram duram.co.za
 Groen Bespoke Wallpaper groenjan.co.za Gumtree gumtree.co.za
 Laminin Paints laminincoatings.co.za Love Affair Décor 082 878 6107
 M&S Epoxy 021 948 2244 Mungo mungo.co.za Pantone pantone.com
 Plascon plascon.co.za Pulse (Ferdie Louw) pulse.co.za
 Studio 22 studio22online.co.za Tjhoko Paint tjhoko.co.za White Oak Home
 Improvements & Décor facebook.com/whiteoak0299 Woodoc woodoc.com

Fokuspunte

Wat eers 'n donker, beknopte huis was, is nou ruim en kontemporêr, met tonne kleur. Die heldergeel fokusmuur in die oopplan-eetkamer-en-kombuis in Harold en Ané Spies se huis op Stellenbosch vorm die perfekte agtergrond vir kuns en keramiek. Trouens, hulle laat hulle dikwels lei deur bepaalde kleure in kunswerke wanneer hulle fokusmure in hul huis verf. "Om 'n muur te verf is 'n bekostigbare oplossing as jy 'n vertrek wil verfris," sê Ané.



Suiwer sonskyn!



'n Vrolike geel buffet en spieëlversameling tref die oog as jy by Debbie Wieland se huis in Durbanville instap. "Ek het die spieëls deur die jare op markte en by vintage-winkels gekoop en 'n paar selfs tydens 'n restaurasieprojek gered. Ek het hulle mooi gebêre vir 'eendag wanneer ek my eie huis het'," vertel sy.

Die sagte blougroen muur laat die spieëls uitstaan en skep net die regte agtergrond vir die geel buffet. "Ek het die kas geërf toe my pa oorlede is, en besluit om dit geel te verf as huldeblyk aan hom. Dis my sonskynkas!" verduidelik Debbie. "Maar al verf ek graag my eie meubels, het ek dié taak aan White Oak Home Improvements & Décor toevertrou. Hulle het Annie Sloan in die kleur Tilton saam met donker was gebruik.

"Die geel en oker glasversameling het ek deur my aanlyn besigheid, Love Affair Décor, bekom; dit verpersoonlik my liefde vir mooigoed en antieke glas." 🏠

Teken in op ons **aanlyn meesterklasreeks** en kry al die tegnieke wat jou met krytverf sal laat toor, onder die knie.




STAP VIR STAP *met* KRYTVERF

DIE AANBIEDERS




Wicus Pretorius,
Tuis-redakteur



Dale Niehaus,
Chisel & Chalk

10 **aanlyn meesterklasse**, elk met 'n winkellysie en aantekeninge wat jy byderhand kan hou wanneer jy self begin verf, is wat jy kry as jy vir dié videoreeks inskryf. Kyk dit in die gerief van jou eie huis, en raak kreatief!



Die episodes

1 Oppervlakke Hout, metaal, materiaal, plastiek – alles wat jy moet weet voor jy jou kwas optel.

2 Seëlaars Leer die verskil tussen Tjhoko Paint Clear Glaze en Antique Brown Glaze, Annie Sloan se reeks waksprodukte en meer.

3 Skep tekstuur Bring detail in met sierstukke (“embellishments”); leer wat jy alles met die verskillende soorte kan doen.

4 Oordragprente Van découpage tot “waterslide transfers” – bemeester dié tegniek en maak kunswerke!

5 Stensils Skep patrone, reliëf en tekstuur met stensils van verskillende groottes.

6 Veroudering Gee enige meubelstuk meer karakter met 'n verskeidenheid verouderingstegnieke – als met krytverf.

7 Regrukprojek: Melamien

Jy hoef nie jou ou melamienkaste en -blaai te vervang nie. Krytverf is jou oplossing. Ons gasaanbieder Hanlie Bonafede van Urban Chalk wys jou hoe.

8 Regrukprojek: Laaikas met frottage- en kleurwastegniek

Die gasaanbieder Nan Day van Simply French versier 'n ou laaikas met 'n vryftegniek (“frottage”) en daarna rond sy die houtblad af met 'n kleurwastegniek.

9 Regrukprojek: Liasseerkabinet

Die gasaanbieder Trish Shaw van Dusty Drawers maak 'n ou staalkabinet mooi met verskillende tegnieke op sy vier laaivoorkante.

10 Regrukprojek: Franse flair vir 'n ou bedkassie

Om 'n bedkassie meer romanties te laat lyk, is so maklik soos 1, 2, 3! Die gasaanbieder Joe Strydom van Trouvé wys jou hoe.

Teken nou in en raak kreatief!

Kyk die reeks meesterklasse in chronologiese volgorde, of begin met die episode wat jou oog vang – die uiteensetting van elke episode se inhoud verskyn hiernaas. Saam met die meesterklasreeks kry jy ook toegang tot die volledige biblioteek van krytverfprojekte wat oor die jare heen in *Tuis* verskyn het. Waarvoor wag jy?

**Kry al 10 episodes by
stapvirstap.tuis.co.za
– teen net R499!**

Sjuut, luister...



Hanlie Bonafede

Party mure vertel stories van tye lank gelede, ander nie. Hanlie Bonafede van Urban Chalk wys hoe jy 'n muur aan die praat kry.

Deur Hanlie Bonafede
Foto's Dirk Pieters
Stilering Marian van Wyk



PROJEKGIDS
Harde werk 5/10
Vaardigheidsvlak 5/10
Tyd nodig 1 dag

Wat jy nodig het

INKOPIELYS

- Tjhoko Inspired Wall Colours in die kleur Lebo's Light
- Tjhoko-stensil (gratis by dié uitgawe!)
- Tjhoko Stencil of Paris
- Tjhoko Paint in die kleure Simply Sipiwe, Da'vid en Matt Black

GEREEDSKAP

- verfkwas of -roller van goeie gehalte
- maskeerband
- mediumgroot paletmes
- troffel
- spuitbottel
- groot badspons
- elektriese skuurder of skuurblokkie
- 80-grint-skuurpapier
- klein seesponsie (PNA)
- fyn kunstenaarskwassie

PROJEKNOTAS

- Was jou stensil dadelik sodat jy dit later weer kan gebruik.
- Tjhoko Inspired Wall Colours is 'n wasbare PVA-verf en ideaal vir mure.



Tjhoko Inspired Wall Colours Lebo's Light

Simply Sipiwe


Da'vid

Matt Black

Só maak jy ...



1 Verf die muur met 'n laag Tjhoko Inspired Wall Colours in die kleur Lebo's Light. As jy tyd wil spaar met die aanwending, gebruik 'n roller. Laat dit droog word (minstens 4 uur).



2 Posisioneer die stensil en plak dit vas met maskeerband. Die patroon teen dié muur is organies, daarom is geen meetwerk nodig nie.



3 Smeer Stencil of Paris met 'n paletmes oor die hele stensil. Skraap oortollige pasta af, verwyder die stensil en wag sowat 2 uur totdat die patroon teen die muur hard is.



4 Plak nou hier en daar nog Stencil of Paris op die muur met jou paletmes.




5 Vee met 'n groot troffel die pasta met sirkelbewegings en vertikale hale plat voordat dit verhard – dit skep tekstuur. Wag tot droog (minstens 30 minute).




9 Spuit water plek-plek aan die muur. Wend verf in 'n aksentkleur met 'n kwas aan en spuit weer oor die verf totdat dit in trane begin afloop en 'n verouderde voorkoms gee. >>



7 Verf 'n lagie onverdunde Matt Black-verf oor jou stensilwerk; vryf dan dadelik met 'n badspons bo-oor om oortollige verf te verwyder.



8 Laat die verf droog word (sowat 20 minute). Gebruik dan 'n skuurblokkie of elektriese skuurder en 80-grint-skuurpapier om die stensilwerk te laat uitstaan. Hoe meer jy skuur, hoe meer prominent raak die patrone.



9 Die baksteen-effek Doop die seespons in 'n bietjie Matt Black en druk-druk daarmee 'n reghoekige baksteenvorm teen die muur waar jy dié effek wil skep. Wag tot droog (minstens 20 minute) en herhaal die proses met Simply Sippiwe en daarna met Da'vid bo-oor. Verf uiteindelik lyne (sommer vryhand) met 'n kunstenaarskwassie tussen die bakstene. 🏠

VERSKAFFERS & KONTAK
 Bolts & Odds 021 981 6082
 Cape Garden capegardencentre.co.za
 Facebook Marketplace [facebook.com](https://www.facebook.com)
 Mr Price Home mrphome.com
 PEP Home pepstores.com
 PNA pna.co.za
 Tjhoko Paint tjhokopaint.co.za
 Urban Chalk [facebook.com/urbanchalkCT/](https://www.facebook.com/urbanchalkCT/)

Bankie van Facebook Marketplace;
 plant en mandjie van Cape Garden



Verfkleur

Tjhoko Inspired
Wall Colours
Lebo's Light

'n Kombinasie van
kwas- en sponswerk
skep die indruk dat rou
bakstene onder
ou verflae deurslaan.

Verf en materiaal
van Bolts & Odds;
lampsperm, ronde
tafeltjie en mandjie
van PEP Home;
beddegoed, mat, spieël
en strooikussings van
Mr Price Home

Elke muur wat ek verf, hetsy vir myself of
'n kliënt, *verskaf my eindelose vreugde.*
Dis my manier om van die wêreld 'n beter
plek te maak. – Hanlie

Waag'n slag!

Dié kas was pasella toe die Van Zyls 'n nuwe huis koop, en danksy die stensils in verlede jaar se *Tuis Verf Dit* lyk dit nou alte spoggerig.

Deur Tiana van Zyl
Foto's Christoph Hoffmann
Stilering Mary Jane Harris



Tiana van Zyl

PROJEKGIDS

Harde werk 3/10

Vaardigheidsvlak 4/10

Tyd nodig 5 uur, plus
droogtyd



Goudkleurige chenille-deken en
mandjies van Mr Price Home

Wat jy nodig het

INKOPIELYS

- lakverdunner
- Tjhoko Paint in die kleure Cloud White, Shorty's Story, John's Joy en Cement Grey
- takkie-stensil

GEREEDSKAP

- lap • elektriese skuurder
- 100-grint-skuurpapier
- 5 kombuisponsies
- 50mm-Hamilton's Ensign-kwas
- Washi-plakband • kunstenaarskwas



Cloud White



Shorty's Story



John's Joy



Cement Grey

PROJEKNOTAS

- Vee die kas skoon met 'n lap gedoop in lakverdunner. Laat dit minstens 20 minute droog word voor jy begin verf.
- Was die stensil tussenin om seker te maak verf verhard nie in die gleufies en bederf jou patroon nie.
- Om die takke te laat "kronkel" (*sien stap 3*) kan jy die stensil van tyd tot tyd omdraai.

Só maak jy...



1 Die nerf-af effek Tiana het begin deur twee lae Tjhoko Paint Cloud White met 'n 50mm-Hamilton's Ensign-kwas aan te wend; minstens 20 minute droogtyd is nodig tussen die lae. Daarna het sy die kasrande liggies met 'n elektriese skuurder en 100-grint-skuurpapier geskuur waar dit met verloop van tyd natuurlik sou verweer het.



2 Die ombree-effek Giet die drie verfkleure – in dié geval Shorty's Story, John's Joy en Cloud White – in afsonderlike verfpanne en gebruik 'n skoon, droë kombuisponsie vir elke kleur. Jy het twee ekstra sponsies nodig vir die oorgange tussen die verskillende kleure. Doop die eerste sponsie in Shorty's Story en wend die verf met egalige drukbewegings op ongeveer een derde van die oppervlak aan. Voeg nou 'n bietjie John's Joy by die skoon Shorty's Story om dit effens ligter te maak, en herhaal oor die volgende derde van die oppervlak. Verdun die kleur verder met Cloud White vir die laaste derde. Versag die oorgange deur 'n skoon, droë spons sagkens oor en weer in die eerste twee aanliggende verfkleure te druk-druk terwyl dit nog nat is, totdat hulle egalig saamsmelt. Herhaal met die laaste sponsie waar die tweede en derde skakerings ontmoet.

Wenke

- Begin met die donkerste kleur onder.
- Vermy reguit lyne waar die skakerings bymekaarkom.



3 Die stensilpatroon Besluit waar jou takke moet kom en werk met een kleur op 'n slag. Plak die stensil in posisie met Washi-band en wend John's Joy aan met 'n kunstenaars-kwas; verwyder die stensil versigtig sodat die verf nie smeer nie. Herhaal soos nodig vir langer takke. Laat die verf droog word (minstens 20 minute). Herhaal nou met Cloud White, en daarna met Cement Grey. 



[KENNERSRAAD]

Lus vir verf, maar nie seker watter kleur nie? Nadine Vosloo van Tjhoko Paint het dié wenke:

Kleur is so 'n persoonlike keuse. Die voordeel van verf is dat ons telkens verandering kan skep wanneer tendense verander. Boonop kan ons ook ons eie stempel met verf afdruk en 'n stylstelling in ons eie ruimtes maak. Die geheim is beplanning. Sit al jou idees bymekaar, bedink die proses en waag die eerste stap. In die kreatiewe proses gaan jy gou vasstel waarvan jy hou wat betref kleur sowel as tegniek.



Ene elegansie



Louise Knezovitch

Deur Louise Knezovitch
Foto's Christoph Hoffmann
Stilering Mary Jane Harris

PROJEKGIDS

Harde werk 6/10

Vaardigheidsvlak 7/10

Tyd nodig Naweekprojek,
droogtyd ingesluit



Lang vaas van
New to You



Gee 'n soliede dog saai eikehoutbuffet nuwe swier met 'n paar kleurvolle kwashale en 'n tikkie blieng.

Wat jy nodig het

INKOPIELYS

- 80-, 120- en 220-grint-skuurpapier
- Fired Earth Woodworks Oak (beits en seëlaar in een)
- asyn • lakverdunner
- Tjhoko Paint in kleure
- Tjhoko Paint Antique Glaze
- Tjhoko Paint-stensil (A3-23 Stencil 83)
- Tjhoko Paint Clear Glaze
- Fired Earth Furniture Liquid Wax

GEREEDSKAP

- sponsroller
- Hamilton's Ensign-kwaste (50 mm)
- Hamilton's-mengkwaste (70 mm)
- Pro Art-kunstenaarskwas No. 9
- Hamilton's-stensilkwas No. 12
- veselvrye lap • waterspuitbottel
- verwersmaskeerband



Só maak jy...




1 Skuur enige skrape op die blad weg met 80-, 120- en laastens 220-grint-skuurpapier tot glad. Wend dan drie lae Fired Earth Woodworks Oak aan met 'n sponsroller. Laat elke laag oornag droog word voordat jy die volgende een aanwend. Haal al die ysterware af en week dit in asyn en water om van vuilis en olierigheid ontslae te raak. Was die kas deeglik met lakverdunner om enige vetterigheid of oliereste te verwyder.



Wag 40 minute en herhaal indien nodig. Wag dan weer 40 minute voor jy 'n basislaag in Sherif's Stone aanwend met 'n Hamilton's Ensign-kwas, en laat dit oornag droog word.
2 Doen die mengwerk in klein dele op 'n slag en gebruik 'n aparte Hamilton's-mengkwas vir elke kleur. Begin met die donkerste kleur (Laughing Lee) by die buiterande, gevolg deur 'n tussenin-kleur (Nade) en eindig met die ligste kleur (Lourain's Cream) in die



middel. Meng eers die kleure aan die buitekant (Laughing Lee en Nade) met 'n klam mengkwas; meng dan die binneste kleure (Nade en Lourain's Cream) met 'n ander kwas. Laat die verf oornag droog word. Herhaal die volgende dag. Werk met baie min verf op die kwaste en spuit water oor die verf om dit klam te hou terwyl jy meng. Laat oornag droog word.




3 Verf die lyste en die bal-en-kloupote met Ali's Gold – gebruik 'n kunstenaarskwas. Wag minstens 4 uur en wend dan Antique Glaze verdun met afgekoelde gekookte water (50:50) aan, ook met 'n kunstenaarskwas.



4 Stensilwerk Plak die Tjhoko-stensil met verwersmaskeerband op die sye vas en tik bietjies-bietjies Ali's Gold daaroor aan met 'n stensilkwas. Wag minstens 4 uur tot droog. Rond af met 'n lagie verdunde Antique Glaze. Gebruik 'n lap en wend Clear Glaze gemeng




met afgekoelde gekookte water (50:50) oor die hele kas aan. Gee dit drie lae en laat minstens 30 minute droogtyd tussen die lae toe.
5 Skuur ongeverfde houtoppervlakke binne-in die kas om merke te verwyder en voed die hout met Fired Earth Furniture Liquid Wax. 🏠



Izelle Scherman

Verwersmaskeerband van Builders;
oordragprent van Craftex Warehouse



PROJEKGIDS

Harde werk 7/10

Vaardigheidsvlak 6/10

Tyd nodig ± 10 uur




Voor

Goudgeel skoonheid

Nadat dié buro se eienaar die 2017-fliekweergawe van *Beauty and the Beast* gesien het, moes dit eenvoudig 'n geel rok kry, net soos die karakter Belle.

Tjhoko-stensil
2020-30x30-7



John's
Joy

Nade

Tinkie's
Treat

Lebo's
Light

Wat jy nodig het

INKOPIELYS

- lakverdunner
- Tjhoko Paint-krytverf in die kleure John's Joy, Nade, Tinkie's Treat en Lebo's Light
- wit Alcolin-houtvuller
- Tjhoko-blomstensil (kode 2020-30x30-7)
- Tjhoko Paint Clear Glaze
- oordragprent van jou keuse

GEREEDSKAP

- mikrovesellappe
- 50 mm-sponsroller
- 320-grint-skuurpapier
- verwersmaskeerband
- klein Hamilton's-stensilkwas (nr. 6)

PROJEKNOTAS

- Wag altyd ses maande voordat jy 'n meubelstuk verf wat voorheen met olie behandel is.
- Mikrovesellappe maak nie wolletjies soos ander nie.
- Gebruik Tjhoko Stone Wash as "onderlaag" op donker hout; dan is minder lae verf van die ander kleure nodig.
- Krapmerke is makliker sigbaar ná die eerste verflaag; vul dit met houtvuller en laat dit droog word voordat jy verder verf.
- 'n Sponsroller gee die gladste afwerking ('n kwas maak strepe); gebruik 'n klein 10 mm breë kwassie waar die roller nie kan inkom nie.

Só maak jy ...



1



2




3



1 Maak die hout deeglik skoon met lakverdunner en 'n mikrovesellap. Laat die hout daarna goed droog word – wag minstens 'n uur.

2 Wend jou eerste laag verf (John's Joy) aan met die sponsroller. Laat dit droog word en skuur glad. Wend nou soveel lae van die John's Joy aan as wat nodig is. Met geel, rooi en wit verwe mag jy meer as twee lae nodig hê, veral op 'n donker oppervlak.

3 Verf volgende die binnekant van die buro in die kleure van jou keuse – hier is twee lae Nade en Tinkie's Treat aangewend. Gebruik maskeerband om reguit lyne te verseker waar twee kleure bymekaarkom. Laat droog word, verkieslik oornag.



4



5



6

4 Versier nou die laaibodems met die blomstensil. Plak die stensil vas met die verwersmaskeerband en verf Lebo's Light aan met 'n taamlik droë stensilkwas – dit verseker dat verf nie onder die stensil inloop nie.

5 Verseël die verf met 'n laag Tjhoko Paint Clear Glaze voor jy die oordragprent aanbring – dit laat die prent beter plak en kleef as direk op die verflaag. Gebruik 'n klam (nie druiptat nie) mikrovesellap, doop dit in die glasuur en vee dit oor die geverfde oppervlak. Laat die glasuur droog word (minstens 30 minute).

6 Week jou oordragprent vir een minuut in 'n vlak bakkie met skoon water, vryf een van die hoeke tussen jou vingerpunte totdat die agterkant loskom en posisioneer jou prent op die kas. Vryf enige lugborrels uit met 'n droë mikrovesellap. Seël agterna weer met 'n laag Tjhoko Paint Clear Glaze. 🏠



Shelly Bergh

Vir sag insluimer

Knoopdoop jou eie lap en maak 'n lekker lang
kussing pleks van 'n kopstuk vir jou bed!

Deur Shelly Bergh • Foto's Francois Oberholster


PROJEKGIDS

Harde werk 1/10

Vaardigheidsvlak 1/10

Tyd nodig 3 uur,
plus droogtyd

Dié kussing maak
van enige bed 'n
knus lêplek!



Wat jy nodig het



INKOPIELYS

- 1,8m wit polikatoen
- 5 kg stopsel
- 1,8m kaasdoek
- 50cm-ritssluiters
- lapkleursel in die kleur van jou keuse (ons het Tingecore in vlootblou gebruik)
- twee houtblokke (elk sowat 10 x 17 cm)
- rekkies

GEREEDSKAP

- potlood • reghoek • maatband • skêr
- naaimasjien • omkapmasjien (opsioneel)
- mengbak • groot pot • latekshandskoene
- knyptang

Só maak jy ... EERS DIE KUSSING



1 Meet en knip 'n strook polikatoen van 110 x 163cm uit; gebruik die reghoek om seker te maak jou lyne is reguit.



2 Vou die polikatoen dubbel in die lengte en stik een kort sy en een lang sy toe met die omkapmasjien. Draai die lap om sodat die regte kant na buite en die naat na binne wys. **3** Stop die kussing met die stopsel en werk die laaste naat met die hand toe.

DAN DIE OORTREKSEL



4 Vou die kaasdoek soos 'n konsertina, eers in die lengte af en dan in die breedte. Plaas 'n houtblok aan weerskante en hou dit in plek met die rekkies; daar moet reg rondom die blokke sowat 2-3cm van die lap uitsteek.



5 Meng die kleursel volgens die aanwysings by kookwater (genoeg om die lap te bedek) in 'n kastrol.

6 Plaas die lap en blokke in die kokende kleursel en kook soos aangedui – die soort kleursel en die kleur sal bepaal vir hoe lank. Haal die lap versigtig uit die kookwarm kleursel met 'n knyptang en handskoene. Verwyder die houtblokke en spoel die lap uit totdat die spoelwater skoon en helder is. Hang op tot droog.



7 Knip die gekleurde lap in 'n strook van 113 x 166cm, vou dit dubbel in die lengte en stik die lang sy en een van die kort sye toe.

8 Kap die rand van die opening om voor jy die rits insit.

9 Stik die opening 6cm kleiner aan weerskante, en stik dan die ritssluiters in die opening vas. 🏠

Roes in 'n kits

Nan Day van Simply French wys hoe 'n dientafel hierdie besondere verweerde voorkoms gekry het.



Nan Day

Deur Nan Day

Foto's

Luba Lesolle/Gallo Images


Produksie Mary Jane Harris

PROJEKGIDS

Harde werk 5/10

Vaardigheidsvlak 4/10

Tyd nodig 4 uur



Wat jy nodig het

INKOPIELYS

- suikerseep
- Annie Sloan-verf in die kleure Amsterdam Green, Honfleur, Barcelona Orange en Graphite
- Annie Sloan Clear Wax
- Annie Sloan Matt Lacquer

GEREEDESKAP

- elektriese skuurder
- 80-grint- en 100-grint-skuurblokkies
- sagte pluivrye katoenlap
- Annie Sloan-kwas (no. 12)
- Annie Sloan-waskwas
- Annie Sloan-stensilkwas
- Hamilton's-waterdigtingkwas (120 mm)



Amsterdam
Green



Honfleur



Barcelona
Orange



Graphite

PROJEKNOTAS

- Met Annie Sloan-verf kan jy verskillende kleure meng vir 'n unieke nuwe kleur, en selfs die was kleur soos in hierdie projek.
- As jy nie 'n waskwas het nie, kan jy die was met 'n spons aanwend. Onthou dat was en lakvernis tot twee weke nodig het om te verhard, waarna dit 'n sterk beskermende laag vorm.

Só maak jy...



1 Verwyder ou vernis deur die blad met die skuurder en 'n 80-grint-blokkie te skuur; herhaal met 'n 100-grint-blokkie. Was stof en vuilis af met suikerseep en laat die hout droog word.



2 Meng Amsterdam Green en Honfleur in die verhouding 80:20 en verdun dit met 10% water. Wend twee lae met die Annie Sloan-kwas aan oor die kante, pote en laaie; wag een uur tussen die eerste en tweede laag.



3 Wend die Clear Wax met die waskwas aan, een deel op 'n slag, terwyl jy oortollige was met 'n sagte katoenlap afvee namate jy vorder.



4

4 Meng jou eie kleurwas deur ½ teelepel elk Honfleur en Barcelona Orange by 4 teelepels Clear Wax te voeg. Wend dié mengsel met die stensilkwas aan in al die groefies in die houtwerk en rondom die laagrepe om dit 'n "roes"-effek te gee. Vee oortollige was af. Poets laastens oraloer met 'n sagte katoenlap – jy kan dit dadelik of die volgende dag doen.

5 Die blad Verdun Matt Lacquer met 10% water; wend dit met die waterdigtingkwas aan oor die geskuurde blad. Laat dit vir minstens een uur droog word. Gee die blad dan 'n treffende vintage-kleurwas: meng ¼ teelepel Honfleur met 1 teelepel Graphite en verdun dit met 250 ml water. Wend dit aan met die waterdigtingkwas. Laat vir minstens een uur droog word; rond af met twee lae onverdunde Matt Lacquer oor twee dae. 🏠



As jy wil, kan jy die laaibodem versier met 'n stensil in die kleur van jou keuse. Hier is die gratis stensil wat by *Tuis Verf Dit 2022* ingesluit was, gebruik.
LW: Die stensilwerk moet voor stap 3 gedoen word.

5



Dié projek het die eerste keer in Annie Sloan se amptelike tydskrif *The Colourist* verskyn. Kry die jongste uitgawe by uitgesoekte Annie Sloan-verskaffers landwyd.



Meet en pas

Gee jou huis 'n retro kinkel met 'n kleurvolle kabinet in 'n nuwe baadjie van abstrakte “teëls”.

Deur Myfanwy Shorey
Foto's Jesse Wild



PROJEKGIDS
Harde werk 7/10
Vaardigheidsvlak 8/10
Tyd nodig 6 uur



Wat jy nodig het

INKOPIELYS

- Annie Sloan-verf in die kleure Old White, Primer Red, Tilton, Rodmell, Country Grey, Antoinette en Graphite
- Annie Sloan Clear Wax

GEREEDSKAP

- klein plat kwas
- liniaal of maatband
- potlood
- passer
- maskeerband
- Annie Sloan-detailkwaste (klein en groot)
- Annie Sloan-waskwas


PROJEKNOTAS

- Moet jou nie bekommer as jy aan die bokant of sye nie volledige teëls het of as jou ontwerp nie volkome eenvormig is nie – die bekoring lê juis in die willekeurige patroon.
- Die was hoef nie agterna gepoets te word nie, maar dit sal 'n tikkie glans aan die verf gee. Indien jy nie wil poets nie, verwyder oortollige was met 'n sagte pluivrye katoenlap namate jy vorder.

Só maak jy...




1 Bedek jou meubelstuk met 'n basislaag in Old White – gebruik die klein plat kwas. Wag tot droog en merk dan vierkante uit deur die voorkant horisontaal in vier gelyke breedtes te verdeel; verdeel daarna die



voorkant ook vertikaal in dieselfde breedtes sodat dit ewe groot vierkantige “teëls” oor die hele kas vorm. **2** Neem die passer en potlood en trek 'n half- en 'n kwartsirkel na willekeur in elke vierkant.




3 Maskeer 'n paar vierkante op 'n slag met maskeerband en verf met die detailkwaste rondom of binne die sirkel; wend twee lae verf aan en wag minstens een uur tussen die eerste en tweede laag.



4 Trek die maskeerband af wanneer die verf amper droog is en gaan voort met 'n volgende vierkant. Wissel die kleure oraloor af en sorg dat jy nie maskeerband oor nat verf plak nie.



5 Beplan mooi watter kleur “teëls” waar moet kom, en kleur die ontwerp in totdat jy tevrede is met die uiteindelijke prentjie.



6 Wanneer jy klaar gevef het, verwyder die maskeerband en laat die verf oornag droog word. Verseël die kas met die waskwas en Clear Wax. Jy hoef nie die was te poets nie.



Kies groen!

Kikker 'n kassie op met verf en 'n stensil
– Nan Day van Simply French wys jou hoe...



PROJEKGIDS

Harde werk 6/10

Vaardigheidsvlak 7/10

Tyd nodig 7 uur



Wat jy nodig het



INKOPIELYS

- suikerseep
- Annie Sloan-verf in die kleure Amsterdam Green, Tilton, Original, Antibes Green, Honfleur en Graphite
- stensil van jou keuse
- Annie Sloan Clear Wax
- Annie Sloan Matt Lacquer

GEREEDSKAP

- elektriese skuurder
- 80-grint-, 100-grint- en 180-grint-skuurblokkies
- Annie Sloan-kwas (no. 12)
- stensil van jou keuse
- maskeerband
- sponsroller (50mm)
- sagte pluivrye katoenlap
- Annie Sloan-waskwas of spons
- Hamilton's-waterdigtingkwas (120mm)

PROJEKNOTAS

- Meet altyd die oppervlak wat jy wil stensil en hou 'n stuk karton byderhand om oortollige verf van jou roller of kwas te verwyder sodat dit nie onder die stensil invloei nie.
- Onthou dat was en lakvernis tot twee weke nodig het om te verhard, waarna dit 'n sterk beskermende laag vorm.

Só maak jy...



1 Verwyder ou vernis deur die blad met die skuurder en 'n 80-grint-blokkie te skuur; eindig met 'n 100-grint-blokkie. Was stof en vuilis af met suikerseep en laat die hout droog word.



2 Meng gelyke hoeveelhede Amsterdam Green en Tilton; verdun die mengsel dan met 10% water. Wend twee lae met die Annie Sloan-kwas aan oor die blad en kante van die kas; wag minstens een uur tussen die eerste en die tweede laag.



3 Plak die stensil in die regte posisie vas met maskeerband. Verf minstens een laag Original met die sponsroller; herhaal indien nodig. Verwyder die stensil. Wag tot droog (minstens een uur) en skuur dan enige oortollige verf liggies af met 'n 180-grint-skuurblokkie.



4 Gebruik die waskwas en bedek die hele geverfde oppervlak liggies met Clear Wax. Vee enige oortollige was af met 'n sagte pluivrye katoenlap. Poets met dieselfde lap tot heeltemal glad.



5 Verdun Antibes Green met 50% water en wend dié mengsel met 'n klam pluivrye katoenlap aan oor die hele geverfde blad.

6 Verseël die oppervlak met Clear Wax – gebruik die waskwas of 'n spons. Vee oortollige was af met 'n sagte pluivrye katoenlap namate jy vorder. Poets laastens die hele kas met 'n skoon lap – jy kan dit dadelik of die volgende dag doen.



7 Die blad Verdun Matt Lacquer met 10% water en wend dit aan met die waterdigtingkwas. Gee jou blad dan 'n vintage-kleurwas: Meng ¼ teelepel Honfleur met 1 teelepel Graphite en verdun die mengsel met 250 ml water; wend dit aan met die waterdigtingkwas. Laat dit vir minstens een uur droog word; rond af met twee lae onverdunde Matt Lacquer oor twee dae. 🏠



Deon de Goede



Shelly Bergh

Deur Deon de Goede
en Shelly Bergh
Foto's Francois Oberholster

PROJEKNOTAS

- Pas die hoeveelhede en mate aan volgens die grootte van jou kas.
- Meet twee keer voor jy die hout saag.
- Skuur jou planke vooraf.

Een deel van die kas dien as spens, waar bêrehouers op rakke en in draadmandjies teen die deur die beskikbare ruimte ten beste benut.



Voor

Raam dit!

Gee 'n afgeleefde gangkas 'n kontemporêre Shaker-voorkoms en 'n vars laag verf.

Wat jy nodig het

INKOPIELYS

- twintig 3000 x 10 x 44 mm-dennehoutplanke
- twee 3000 x 530 mm-gelamineerde dennehoutplanke
- Alcolin Acrylic Sealant
- 'n pakkie 15 mm-paneelspykers
- 'n pakkie hoekblokkies
- 'n pakkie 8 mm x 16 mm-skroewe
- vier 6 mm x 55 mm-inkapskroewe
- dennehoutvuller
- 220-grint-skuurpapier
- verf van jou keuse

GEREEDSKAP

- koordlose boor en 3 mm-boorpunt
- potlood
- maatband
- winkelhaak
- hamerboor en 6 mm-klipboorpunt
- pneumatiese spykergeweer
- verfkwaste

PROJEKGIDS

Harde werk 4/10

Vaardigheidsvlak 3/10

Tyd nodig 2 tot 3 uur

Só maak jy...



1 Meet die lengte van die onderste deure en saag die 10 x 44 mm-dennehoutplanke daarvolgens. Verwyder al die handvatsels van die deure en vul die skroefgate deeglik met houtvuller. Gebruik Alcolin Acrylic Sealant as kleefmiddel en skiet die vertikale planke met jou spykergeweer en paneelspykers op hul plek vas.



2 Meet en saag die dwarsplanke een vir een sodat jy deurgaans kan seker wees die mate is presies reg. Lym en skiet die boonste en onderste planke op hul plek vas en maak seker dat die middelste planke 100% waterpas is voordat jy dié ook vasskiet. Herhaal dieselfde proses op die boonste deure. >>




Danksy die nuwe verdelers kan dié deel van die kas nou 'n strykplank, mop en besems aan die een kant en die stofsuiër, emmer en herwinmandjie langsaan akkommodeer. Die binnekant van een deur het 'n laag swartbordverf gekry.

3 Ons het een kompartement van die kas verdeel met twee afskortings: een (agter die vertikale stut in die middel) wat die hele ruimte in twee verdeel, en nog een regs. Merk die posisie vir elke afskorting; meet en saag twee gelamineerde planke in die verlangde lengte en breedte. Sit die eerste een regs (bo en onder) vas met die hoekblokkies en 8 mm x 16 mm-skroewe; skroef ook twee hoekblokkies aan die verdeler vas as rakstutte. Skroef nog twee hoekblokkies in die ooreenstemmende posisies aan die tweede verdeler vas en skroef dié verdeler agter die vertikale stut vas. Saag die rakkie sodat dit tussen die verdelers pas.



4 Skroef twee oorskietstukke dennehout teen die muur vas waar die groter rakke links moet rus. Meet en saag die twee rakke en skroef op hul plek vas met hoekblokkies. Vul skroef- en spykergate met houtvuller en laat dit goed droog word voordat jy die planke skuur.



5 Merk waar jy die draadrakkies aan die binnekant van die deure wil vassit, maar maak seker dit gaan nie in die pad van die rakke in die kas wees nie. Boor nuwe gidsgate vir die handvatsels.

Met al die houtwerk klaar, het ons die dele wat voorheen geverf was, geskuur en daarna al die oppervlakke met Duram Universal Undercoat voorberei voor dit nuut geverf is. Laastens kon die draadrakkies en handvatsels op hul plek vasgeskroef word. 🏠

VERSKAFFERS & KONTAK Alcolin alcolin.com Duram duram.co.za Rust-Oleum rustoleum.co.za
Deon de Goede 084 589 5026, deon@diydeon.co.za

Hout verskaf deur Timbercity
(timbercity.co.za)



Verfkleur

Duram Nuglo
Celestial Shadow

Verfkleur

Duram NuGlo
Twist of Lemon

Verf

Rust-Oleum
Chalkboard Paint

Monday
Bin
Tuesday
Washing
Wednesday
Recycling
Thursday
Floors
Friday
Beach

Voeg net water by

Nan Day van Simply French wys hoe werk die “nat verwerking”-tegniek.

Deur Nan Day
Foto's Luba Lesolle/Gallo Images
Produksie Mary Jane Harris

PROJEKGIDS

Harde werk 7/10

Vaardigheidsvlak 7/10

Tyd nodig 8 uur



Die laaikante is met dieselfde stensil as die blad in die kleur Svenska Blue versier.



Voor

Wat jy nodig het

INKOPIELYS

- suikerseep
- Annie Sloan-verf in die kleure French Linen, Svenska Blue en Aubusson Blue
- Annie Sloan Clear Wax

GEREEDSKAP

- groot Annie Sloan-kwas (no. 12)
- Annie Sloan-waskwas
- sagte pluivrye katoenlappe
- waterspuitbottel
- maskeerband
- stensil van jou keuse
- sponsroller (50 mm)
- karton
- skuurblokkies

PROJEKNOTAS

- 'n Neutrale basiskleur help om 'n vintage-voorkoms te skep.
- Gebruik 'n spons as jy nie 'n waskwas het nie.
- Deur die basislaag met was te bedek, help dat die basiskleur bewaar bly tydens die nat verwerking.
- Onthou dat die was tot twee weke nodig het om te verhard, waarna dit 'n sterk beskermende laag vorm.



Só maak jy...



1 Maak die lessenaar skoon met suikerseep en laat dit droog word. Gebruik die Annie Sloan-kwas en verf 'n basislaag met French Linen; wag minstens een uur tot droog.



2 Gebruik die waskwas en wend Clear Wax oor die hele lessenaar aan. Vee enige oortollige was af met 'n pluivrye lap tot heeltemal glad.



3 Verdun Svenska Blue met 10% water en wend twee lae aan met die Annie Sloan-kwas; laat minstens een uur droogtyd tussen lae toe. Laat staan oornag tot droog.



4 Nat verwerking Verdun Aubusson Blue met 50% water en wend dit in seksies oor die Svenska Blue aan met die Annie Sloan-kwas. Vee die verdunde mengsel om die beurt met 'n klam en 'n droë pluivrye lap af sodat die twee kleure sagkens meng. Spuit water oor dele wat jy wil "verweer" om die French Linen-basis te laat deurkom.



5 Plak die stensil vas met maskeerband en wend Svenska Blue aan met 'n sponsroller. Onthou om oortollige verf op 'n stuk karton af te rol voor jy dit oor die stensil aanwend. Wag tot droog. Skuur dan liggies om enige oortollige verf te verwyder.



6 Wend Clear Wax een deel op 'n slag aan met die waskwas; vee oortollige was met 'n sagte katoenlap af namate jy vorder. Neem laastens 'n sagte katoenlap en poets die lessenaar oraloor – jy kan dit dadelik of die volgende dag doen. 🏠

VERSKAFFER EN KONTAK Simply French [instagram.com/simplyfrenchsa](https://www.instagram.com/simplyfrenchsa)

STAP VIR STAP

Trap fyn, harlekyn



Dié projek het die eerste keer in Annie Sloan se amptelike tydskrif *The Colourist* verskyn. Kry die jongste uitgawe by uitgesoekte Annie Sloan-verskaffers landwyd.

PROJEKGIDS

Harde werk 6/10

Vaardigheidsvlak 5/10

Tyd nodig 5 uur

Laat 'n ou kassie sy beste voetjie voorsit binne net 'n paar maklike stappe!



Deur Amy Williams
Foto's Jesse Wild

Wat jy nodig het

INKOPIELYS

- Annie Sloan-verf in die kleure Old White en Scandinavian Pink
- Annie Sloan Clear Wax

GEREEDSKAP


- bruinpapier • potlood
- liniaal of maatband • skêr
- Annie Sloan-detailkwas (groot)
- Annie Sloan-waskwas
- Annie Sloan-skuurblokkie (medium)
- skoon lap

PROJEKNOTAS

- Die afwerking is nie perfek nie, maar lyk meer handgeverf – dis die effens oneweredige lyne wat dit karakter gee.
- Die was hoef nie agterna gepoets te word nie, maar dit sal die verf 'n tikkie glans gee. Indien jy nie wil poets nie, verwyder oortollige was met 'n sagte pluïsvrye katoenlap namate jy vorder.



Só maak jy...



1 Werk die grootte van die diamantpatroon rofweg uit met behulp van die bruinpapier – ons het 'n groter vorm gekies wat mooi om die rande "vou". Meet en merk die breedte en lengte van 'n reghoek op die bruinpapier en knip dit uit.



2 Vou die reghoek in die helfte – vou eers die kort sye op mekaar en vou die nuwe reghoek weer dubbel met die teenoorstaande oop sye op mekaar. Knip nou die oop kante af van een hoek na die teenoorstaande hoek; gooi die los driehoeke weg en vou die papier oop as jou diamantpatroon.



3 Meet waar die middel van jou kas is en trek 'n ligte streep met jou potlood. Meet die breedte van die diamantpatroon vanaf hierdie lyn en trek daarvolgens vertikale lyne as riglyn vir die stensilpatroon.



4 Gebruik jou patroon as negatief. Plaas dit op die middellyn (gebruik die vou in die diamant as gids); verf met die detailkwas langs elke sy van die patroon terwyl jy dit in posisie hou met jou ander hand.



5 Wanneer jy klaar is met een sy, skuif jy die bruinpapier-patroon op of af oor die lyn en herhaal stap 4. Doen dit oor al die vertikale lyne. Die diamante sal uiteindelik by mekaar aansluit en die prentjie skep.



6 Wend Clear Wax aan met die waskwas. Skuur dan liggies met die skuurblokkie plek-plek oor die ontwerp om 'n aardse voorkoms te skep. Vee af met 'n skoon lap en verseël die kas met nog 'n laag Clear Wax. 🏠

'n Skoon begin

Is jou bad in 'n treurige toestand? Ons wys jou in 'n paar maklike stappe hoe om dit 'n nuwe bolaag te gee ...

Deur Shelly Bergh
Foto's Francois Oberholster



Shelly Bergh

PROJEKGIDS

Harde werk 3/10

Vaardigheidsvlak 3/10

Tyd nodig 3 uur, plus
droogtyd

Ta-da! Die oulikste
bladkoperpote.



DEEL #1

GEE DIE BAD 'N
NUWE BOLAAG

Só maak jy ...

Wat jy nodig het

INKOPIELYS


- Rust-Oleum Tub & Tile (beskikbaar by Builders)
- 60-, 80- en 100-grint-skuurpapier • verdunner om die kwas en roller skoon te maak • blou verwersmaskeerband

GEREEDSKAP

- skuurder • klein bokhaarroller en verfbak
- kwas • lap



1 Gebruik die 60- en 80-grint-skuurpapier om ontslae te raak van enige skurwe en skilferige oppervlakke in die bad. Skuur dit dan verder glad met die 100-grint-skuurpapier. **2** Vee enige stof af met 'n lap; die oppervlak van die bad moet heeltemal stofvry en droog wees voor jy begin verf. Meng die twee bestanddele van die herstelproduk volgens die aanwysings.



3 Plak die krane en uilte toe met maskeerband en wend dan die verf met die roller en kwas aan.



4 Wag tot die eerste laag droog is en wend 'n tweede laag aan. Gee die verf drie dae kans om droog te word voor jy die bad gebruik.

DEEL #2 VERSIER DIE POTE MET BLADKOPER

Wat jy
nodig het

INKOPIELYS


- bladkoper
- verguldgom (kleefmiddel)

GEREEDSKAP


- 2 kwaste (een om die gom aan te wend en een sagtehaarkwas)



1 Verf die kleefmiddel aan die pote; laat dit 10–15 minute staan om taai te word.



2 Plaas die bladkoper versigtig op die pote en druk dit vas met die sagtehaarkwas; maak deurgaans seker dit kleef oral.



3 Vee enige oorskiet-bladkoper af met die skoon sagtehaarkwas. 🏠

VERSKAFFERS Builders builders.co.za Rust-Oleum rustoleum.co.za Duram duram.co.za

PATRONE MET aartappels!

Produksie en foto's Shelly Bergh

Ons het Tjhoko Paint vir dié prettige projekte gebruik.

#1 STROOIKUSSING

Wat jy nodig het

- mediumgroot aartappel, middeldeer gesny
- Tjhoko Paint in die kleur van jou keuse
- kussinggoortreksel

1 Giet van die verf in 'n houer met 'n plat bodem, soos 'n kleinbordjie. Doop die halwe aartappel se gesnyde kant in die verf en gebruik dit om 'n herhalende patroon op die materiaal af te druk. Posisioneer die sirkels naby mekaar vir hierdie ontwerp.

#2 SERVET

Wat jy nodig het

- baba-aartappels, middeldeer gesny
- Tjhoko Paint in die kleure van jou keuse
- servet • fyn kunstenaarskwassie

1 Giet van die verf in 'n houer met 'n plat bodem, soos 'n kleinbordjie. Doop die gesnyde kant van 'n aartappelhelte in die verf en gebruik dit om 'n boomvorm op die materiaal af te druk: Een sirkel vir die top, twee langs mekaar daaronder en dan nog twee effens verder uitmekaar. Oefen gerus op papier as jy onseker is. **2** Verf die boomstam tussen die sirkels met die kunstenaarskwassie.

#3 TAFELLOPER

Wat jy nodig het

- groot aartappel, in kwarte gesny
- Tjhoko Paint in die kleur van jou keuse
- tafelloper

1 Giet van die verf in 'n houer met 'n plat bodem, soos 'n kleinbordjie. Doop die gesnyde kant van 'n aartappelkwart in die verf en druk dit in 'n herhalende patroon op die materiaal af. Ons het die rigting van die halvesirkels afgewissel om hierdie ontwerp te skep. 🏠



Bewaar jou skepping Gebruik liefs stowwe soos katoen en linne. Stryk die materiaal, wanneer droog, aan die agterkant om die verf permanent te heg. Was in koue water.

VERSKAFFER Tjhoko Paint tjhokopaint.co.za

CRIMSON CLOVER

80 |

WEELDE VIR 'N LEEFTYD

PLATINUM COLLECTION



GBR/25713/T

LEWENSLANGE WAARBORG BINNE

Verleen weelde aan jou huis met Duram Satin Touch uit ons Platinum Collection. Hierdie duursame en elegante muurverf bied 'n subtiële glansafwerking wat die lig in 'n vertrek versag én verbeter om verruklike leefareas te skep. Duram Satin Touch bied boonop 'n lewenslange waarborg binnenshuis en 15 jaar buite, asook StainGuard-tegnologie wat maklik wasbare en vlekvrre mure verseker. Put inspirasie uit Duram se Habitat Colour Collection met keurig gebalanseerde en harmonieuse kleurskakerings.

Vra vir Duram by jou plaaslike hardewarewinkel.

Die verf wat slim ontwerp is om stylvol te lyk.

Die kleur en glans van droë verf kan verskil van dié in die advertensie.



Duram
SMART PAINT



WAAR PASSIE EN INSPIRASIE ONTMOET

PRAGTIG VERPAK IN
GLAS; ONS HOERS
IS HERWIN-EN-
HERBRUIKBAAR

ONS KLEURE IS VERNOEM
NA ONS PERSONEEL EN
SPECIALE LEDE VAN DIE
TJHOKO-FAMILIE

SAG OP DIE OMGEWING
ASOOK KOS, KINDER-EN
TROETELDIERVRIENDELIK

TROTS SUID-AFRIKAANS,
WORD PLAASLIK
VERVAARDIG EN MET
DIE HAND VERPAK